

		<i>Middelmatige sake</i> , L.J. Erasmus; <i>Die Doppers en hul Sabbat</i> , ds. G. Opperman; <i>'n Stukkie heidendom in die Kerk: Kersfees</i> , W. van't Spijker; <i>Jacobus Koelman oor Kersfees</i> , M. de Feijter; <i>Roeping en Toekoms</i> , dr. J.D. du Toit; <i>Verslag oor Verbondseminaar 2003: Reformatoriese Verset</i> , H.J. van Antwerpen; <i>Esra Boeke</i> .	
55	Ons gedrag in die huis van God	<i>LESINGS VAN VERBOND-SEMINAAR 2004: Die huis van God</i> , ds. G. Opperman; <i>Die kerk as pilaar en grondslag van die waarheid</i> , dr. ALA Buys; <i>Aanbidding in Gees en Waarheid</i> , mnr. S. Le Cornu; <i>ANDER ARTIKELS: Verbondsuniversa-lisme: 'n Nuwe vorm van die ou aanval op God se soewereine genade</i> , prof. D.J. Engelsma; <i>Die Dordtse Leerreëls en die Verbond</i> , A. Theron; <i>Voetius en die Feesdae</i> , Ing. B. van der Eems; <i>Die Dopperkerke van Suid-Afrika: 'n Gereformeerde perspektief op die geskiedenis en huidige ontwikkelinge in die GKSA</i> , mnr. S. Le Cornu; <i>ESRA BOEKE: Bekendstelling van skripsie: Die betekenis en ekklesiologiese implikasies van die uitdrukking 'huis van God' in 1 Timoteus 3:15. 'n Openbaringshistoriese ondersoek</i> , G. Opperman; <i>Bekendstelling van tesis: Rutherford on Law and Covenant: The Impact of Theologico-Political Federalism on Constitutional Theory</i> , S.A. de Freitas; <i>Boekresensie: Joel R. Beeke, The Quest for Full Assurance. The Legacy of Calvin and his Successors (The Banner of Truth Trust, 1999, pp. 309), deur SA de Freitas</i> .	R40-00 (175bl.)
56	Die Misdaad seminaar	<i>Teorieë oor die oorsake en oplossings vir misdaad; Behoort Bybelse strafwetgewing vandag nog van toepassing te wees; Die betekenis van die bloedwreker vir vandag; Wat gemeenskappe kan doen om hulself te beskerm.</i>	R30-00 [100bl.]

Reformator-reeks nr.1 _____
Gedenk julle voorgangers - Hebr.13:7

Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms?

deur
 prof. dr. JD Du Toit (Totius) & prof. Jan-Lion Cachet

Vertaal en verwerk deur
 Slabbert Le Cornu

Voorwoord deur
 Prof. Pieter H Stoker

Uitgegee en versprei deur

Die Esra Instituut
 Postnet 165
 Privaatsak X855
 Pretoria 0001

Hierdie nommer in die Reformator-reeks word opgedra aan

1. Ds. LS Kruger, wie se inspirerende reformatoriese boek,
Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk?,
my opnuut laat besin het oor ons kerkgeskiedenis,
in die lig van Gods Woord (Hand.17:11)
2. Die 'enkele broeders' wat tydens GKSA Sinode 1939, ten gunste van
die publikasie in Afrikaans van die reformatoriese verweerskrif
'Waarom zingt de Geref. Kerk alleen de Psalmen?'
geskryf deur prof. Jan-Lion Cachet en dr. JD Du Toit, gestem het.
3. Alle *reformatore* van die verlede, hede en toekoms, wat getrou wil bly aan
die gereformeerde slagspreuk: **in die huis van God die woord van God.**

		<i>leierskap</i> , ds. Gustav Opperman; <i>Neo Paganisme, patriargie en feminisme in die 21ste eeu</i> , S Le Cornu; <i>Die mediese mishandeling van die baarmoeder</i> , Ina Opperman; <i>Calvyn en Onan: Onvrugbaarheid en skande, voorbehoeding en moord</i> , dr. MC Durand; <i>Verbondsmatige Gesinsbediening: die bybelse gronde vir die hervorming van persoonlike diensbaarheid</i> , ds. Brian M. Abshire (vertaal deur Alwyn Bezuidenhout) <i>Die Apostoliese Geloofsbelydenis teenoor die Nuwe Hervorming</i> , Slabbert Le Cornu; <i>Die afbreek en opbou van strukture in 'n Postmoderne Tyd</i> , Bouwe van der Eems	
53	Reformatoriese Verset	<i>Verset en die Skrif</i> , ds. Gustav Opperman; <i>Die Reformatoriese standpunt oor Verset</i> , prof. Andries Raath; <i>Kerkregtelike verset</i> , ds. Hennie Momberg; <i>Verset en die Gesin</i> , Bouwe van der Eems; <i>Verset en Medisyne</i> , dr. Michiel Durand; <i>Calvyn oor Verset</i>	R40-00 (96bl.)
54	1859 ?	<i>Skrifoordenking: Hebr.1:1-4</i> , prof. L. Schulze; <i>Stellenbosch 1812 – Rustenburg 1859 – Potchefstroom 2003: Die Stryd rondom die suiwer Psalmboek</i> , prof. V.E. d'Assonville; <i>Die Noodsaaklikheid om die Kerk te reformeer</i> , J. Calvyn; <i>Die Gesag van die Skrif</i> , A.J. Rossouw; <i>Gereformeerde Skrifverklaring: Openbaringshistories of Sosio-histories?</i> , prof. GJC Jordaan; <i>Die Nuwe Vertaling</i> , ds. L.S. Kruger; <i>Waarom is u lidmaat van die (Dopper) Geref. Kerke?</i> , S. Le Cornu; <i>Utrecht 1612 – Bloemfontein 1939 – Potchefstroom 2003: Psalms vs Skrifbelymings</i> , ds. L.S. Kruger; <i>'n Eervolle plek vir die vrou in die Kerk van Christus</i> , prof. L. Floor; <i>Die vrou in die diakenamp</i> , prof. H. Hanko; <i>Diakon* ... gebruike in die Pauliniese briewe</i> , L.J. Erasmus; <i>Reformasie en die Kerkorde</i> , B. van der Eems;	R40-00 (198bl.)

50	Die Doodstraf	<i>Die regshistoriese verloop van die doodstraf in Suid-Afrika</i> , Shaun de Freitas; <i>Die doodstraf vanuit 'n menseregte perspektief</i> , A Theron; <i>Die doodstraf volgens die Skrif</i> , ds. JR Visser; <i>Nogmaals Calvin en Servet: 'n reformatoriese gevallestudie</i> , dr. Victor D'Assonville [jnr.]; <i>Die doodstraf: 'n reformatoriese beskouing</i> , prof. AWG Raath; <i>Die argumente oor die doodstraf verantwoord</i> , dr. MC Durand	R30-00 (157bl.)
51	Tydsgees in die Kerk	<i>Esra Verslag Verklaring aangaande die 'Nuwe Hervorming' in SA; Skrif-verklaring en Tydsgees</i> , prof VE d'Assonville; <i>Die Nuwe Beryming getoets</i> , dr. Attie Bogaards; <i>Die vrou in die Amp</i> , ds. Ron Cammenga; <i>Die Ware Kerk</i> , Bouwe van der Eems; <i>Die HERE het tot my Here gespreek: Psalm 110 as Messiaanse Psalm</i> , Slabbert Le Cornu; <i>Kerklike Appél: Dordtse Kerkorde, artikel 31</i> , prof B Spoelstra; Boekresensies: 1. Gary L Almy, <i>How CHRISTIAN is christian counseling? The dangerous secular influences that keep us from caring for souls</i> , deur ds. Johan Bosman; 2. Keith A Mathison, <i>The Shape of Sola Scriptura</i> , deur Shaun de Freitas; 3. Boekbekendstellings: Brian A Schwertley boeke: <i>A Historical and Biblical Examination of Women Deacons</i> ; <i>A Biblical Defense of Exclusive Psalmody</i> ; <i>Sola Scriptura and The Regulative Principle of Worship</i>	R40-00 (138bl.)
52	Paterfamilias	<i>Was dit alles tevergeefs?: 'n Huldeblyk aan Dr. Ed Cain (1935 – 2002)</i> , Francois van Deventer; <i>Skrifverkondiging: Gen.3:9, Manlike verantwoordelijkheid</i> , ds. Gustav Opperman; <i>Die vernietiging van die Westerse beskawing</i> , Bouwe van der Eems; <i>Van Apartheid tot Volksmoord? ... deur die Onderwys</i> , L van Oostrum; <i>Krisis in die Onderwys kristalliseer uit</i> , dr PE van der Dussen; <i>Die feministiese aanslag op manlike</i>	R40-00 (112bl.)

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord, prof. PH Stoker 4

Inleiding tot die *Reformator* reeks 7

Waarom is u lidmaat van die (Dopper) Gereformeerde Kerke?, 11

Inleidende opmerkings op die teks 20

Teks: Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms?

Inleiding 22
 In die Geskiedenis 23
 Psalms en Gesange 25
 Die 'Christelikheid' van die Psalms 26
 Die Psalms en die Martelare 28
 Die Beryming 30
 1 Kor.14:26; Ef.5:19; Kol.3:16 32
 Die Suiwere Leer en die Gesange 34
 Ten slotte 39

Bylaag 1: Die Gesange as draer van die valse leer tydens die kerkstryd in die 19de eeu 40

Bylaag 2: Die handhawing van Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7, deur die Doppers in die 19de eeu, in hul verwerping van die Evangeliese Gesange 43

Bylaag 3: Besware insake Skrifberymings by Sinode 1936, deur die Gereformeerde Kerk, Theunissen 47

Bronne om te bestudeer 50

Die Esra Verslag 51

VOORWOORD TOT DIE REFORMATOR-REEKS

Prof. Pieter H Stoker

In 1651, met Jan van Riebeeck se vertrek uit Nederland na die Kaap, was die Heilige Skrif die grondslag van 'n reformatories-Bybelse lewens- en wêreldbeskouing wat op die gebied van die Godegeleerdheid, en op die kerklike, maatskaplike en staatkundige terreine 'n groot invloed in baie lande van Europa uitgeoefen het. Die formele hoofbeginsel van hierdie lewens- en wêreldbeskouing is dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, wat Sy lig op alle terreine van die menslike lewe en die wêreld werp. Dit beteken dat die Woord van God nie slegs vir die godsdiens en vir die saligmaking van die mens van belang is nie, maar vir die hele lewe van die mens, ook vir sy denke en wêreldbeskouing.

Vroeg in die negentiende eeu is die liberale invloed van die Franse Rewolusie ook in die onderwys aan die Kaap gevoel toe advokaat De Mist die bewind vir die Bataafse Republiek oorgeneem het. Vir die eerste keer in ons geskiedenis moes die gereformeerde staatskool in 1804 plek maak vir die 'neutrale' staatskool. Aan die staat is opgedra om volksonderwys te verskaf en om kinders op te voed tot goeie staatsburgers. Die aksent van die onderwys het verskuif van die Christelike na die nasionale. Hierdie vreemde invloed is deur die Britse bewind na 1806 bestendig, en het ook mettertyd sy invloed op die kerklike terrein laat geld.

Die gees van hierdie Liberalisme het gaandeweg oor bykans twee eeue op verskillende wyse 'n groot deel van ons leiers op alle gebiede van godsdiens, onderwys en kultuur verower en hul volgelinge beïnvloed. Die gevolg is dat ons kerkvolk in die algemeen nie meer die helder, skerp en suiwer Skriftuurlike onderskeidingsvermoë in beginselsake van hul voorvaders besit nie; hulle is in hulle begrippe en in hulle denke verward. Daar is gebrek aan kennis en insig. En in hierdie verwardheid vind ander nuwe stelsels van buite af ingang in ons denke, veral vandag in 'n wêreld wat klein geword het.

In die Reformator-reeks word enkele geskrifte van die verlede, en ook die hede, onder die kerkvolk se aandag gebring. Hierdie geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders is 'n bydrae tot 'n diepgaande reformasie wat nodig is as ons lidmate, gesinne en

		<i>Trial</i> , Susan du Plessis & dr. Jan Stzydom, deur Dorothea Le Cornu; <i>Die sielkundige vlieg in die opvoedkundige salf</i> , deur Susan du Plessis; <i>Potter en Pokemon: vriend of vyand?</i> , drs. Rob Matzken; <i>Die effek van die moderne media op die samelewing</i> , Bouwe van der Eems; Boekresensie: <i>The Sensate Culture</i> , Harold OJ. Brown, deur Herman van Antwerpen; <i>Bespreking van die Nuwe Kurrikulum: Ekonomiese Bestuurswetenskappe Leerarea</i> , Bouwe van der Eems; <i>Onderwys: Staatsdiens of Godsdiens?</i> , Slabbert Le Cornu; <i>Is die Klooster nou nodig?</i> , ds. JR Visser; <i>Onse Kader op die aarde</i> , ds. ALA Buys; <i>Pyle in 'n Krygsman se Hand: Holwerda oor die Antitese in die Opvoeding</i> , ds.C. Stam; Christelike Onderwys instellings: <i>VCHO, Tuisonderwys, ARSO, ACVHO, Esra Instituut</i>	
49	Kersfees en Gesange	<i>Eiewillige Godsdiens (Rig.17:13)</i> , prof.dr.K.Schilder; <i>'n Kerklike jaar met allerlei Feesdae?</i> , prof. K Deddens; <i>Geen grond in die Skrif: Jacobus Koelman (1632-1695) se stryd teen die feesdae</i> , prof.dr. W van't Spijker; - <i>"Die hele wyse waarop God gedien moet word"</i> : <i>Erediens en die Genoegsaamheid van die Skrif in Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis</i> , ds. Wes Bredenhof; <i>Verklaring van die Dordtse Kerkorde, artikel 67: Christelike Feesdae</i> , prof. Bouke Spoelstra; <i>Kersfeesviering en samekomste op Kersdag</i> , B van der Eems; <i>Fundamentalisme: naam of brandmerk?</i> , dr. A.T van Deursen; <i>Romantiese godsdiens, God se gebooie en die dialektiese teologie</i> , prof.Schilder; <i>Kersfees en Gesange: teologie of ideologie?</i> , dr. MC Durand; <i>Lesing gelewer tydens die ICRC konferensie: Die Regulerende Beginsel van die Erediens</i> , ds. G.I. Williamson; <i>Redes vir die viering van Kersfees weerlê</i> , ds.Brian Schwertley	R40-00 (146bl.)

		<i>tuisonderwys opvoedingsfilosofie, Slabbert Le Cornu; Die gesin as bousteen van tuisonderwys, dr. MC Durand; 'n Tuisonderwysvisie vir gereformeerde onderwys, Bouwe van der Eems; Die geskiedenis en regsposisie van tuisonderwys in Suid-Afrika, Leendert van Oostrum; Die praktyk van tuisonderwys, Ina Opperman; plus vele ander artikels en boekbesprekings</i>	
47	Ekonomie	<i>Uit die Skrif: Maïeagi 3:10, Totius; Ekonomie: Wetenskap van Rentmeesterskap, prof.dr. PE van der Dussen; Pluralisme van Waardes & Sosiale Hervorming, prof.PH Stoker; 'n Wêreld van Orde en Betekenis: Die ekonomiese teorie van Ludwig von Mises, Antoine Theron; Die belofte van 'n Christelike ekonomie, dr. John W. Robbins; Ekonomie en Samelewing: notas uit M Kelley se On Stone or Sand: The ethics of Christianity, prof. Pieter H. Stoker; Kritiek op die 'gekerstende' Keynes, B. van der Eems; Die Vryemarkstelsel en die Sosialisme, Dr. MR Kreitzer; Die desentralisering van die staat deur privatisering: 'n samevatting uit Douglas Shaw se Downsizing the State, Larno Meyer; Boekresensie: On Stone or Sand, The Ethics of Christianity, Capitalism & Socialism, MW Kelley, deur prof. PH Stoker; Boekresensie: No Other Standard: Theonomy and its Critics, dr. Greg.L. Bahnsen, deur Shaun de Freitas; Huldeblyk aan dr. RJ Rushdoony, Slabbert Le Cornu</i>	R30-00 (106bl.)
48	Intergeloof in die Onderwys	<i>Skrifoordenking: Gen34:1-35:7, Die pad van Sigm tot Bet-el, ds. Gustav Opperman; Intergeloof in die Onderwys, Sarel van der Merwe; Die rol van die Skeppingsleer teenoor die Evolusieleer in Verantwoordelike Opvoeding, prof. PH Stoker; Multireligieuse Onderrig in die Klaskamer, dr. I. Horn; Boekresensie: The Creators of ADHD (Attention Deficit Hyperactivity Disorder) on</i>	R40-00 (198bl.)

gemeentes weer hulle denke en handeling wil laat lei deur die Heilige Skrif en die gereformeerde belydenisskrifte.

Hierdie reeks geskrifte word van harte aanbeveel om gelees te word, as 'n bydrae om te volhard in ons aanbidding van Hom, aan wie ons alle eer en lof moet gee vir sy soewereine liefde en geregtigheid.

Potchefstroom
10 Julie 2003

Die woord 'roeping' het vir ons 'n heilige klank en heiligende krag. Omdat dit veronderstel stipte gehoorsaamheid aan die stem van die Here! (1 Sam.15:22). Dieselfde God wat van ewigheid tot ewigheid deur Sy uitverkiesing oor ons lewe beskik, bepaal ook ons bestaan op aarde ... Alle eiewilligheid is dan op 'n end ... Die woord 'roeping' het dus 'n skerpe klank. Maar daarom vrees ons nie daarvoor nie. Inteendeel, dit is vir ons die skerpe klank van krygsmusiek; ... die krygsmusiek van die roeping van God dien om ons uit ons ywerloosheid op te skrik en ons te besiel met 'n blye gees, sodat ons met moed verder kan gaan. - Totius

Maar diegene wat die waarheid liefhet en die geskiedenis ken,
sal met my saamstem, dat daar waar die Reformasie die
suiwerste deurbreek het, die gesange volkome afgeskaf is.

– ds. H. De Cock

Ja, die geskiedenis het meer om te bewys. Haar onwraakbare
getuigenis is dat geen kerk streng gereformeerde gebly het, wat die
gesange gebruik het nie. Daar was steeds 'n wisselwerking. *Die
losheid in de leer roep om die gesange, en die gesange roep om die
losheid van die leer.*

– Totius en Cachet

		<i>verskuiwing tussen Calvin en Kuyper, Slabbert Le Cornu; Volk en Godsvolk in die NT, prof.dr. JC Coetzee; plus ander artikels en boekbesprekings</i>	
43	Apologia	<i>Christelike Apologetiek, dr. GL Bahnsen; Moderne Argumentasie, Bouwe van der Eems; Die Heidelbergse Kategismus, KJ Ketel; Die Minderheidsverslag oor die Vrye Lied in die OPC, John Murray en William Young; Skepping in 6 dae, dr. KL Gentry; Die wet van God ons enigste maatstaf: Matt.5:17-20, ds. Mendel Retief; Die Wet van God in debat, Slabbert Le Cornu; Van Riebeeckdag, Verslag oor die Parlement van Wêreldgodsdienste, Gustav Opperman; Hoe vier ons Celofte?, Slabbert Le Cornu; plus ander artikels en boekbesprekings</i>	R20-00 (78bl.)
44	Ek en my Huis	<i>Ek en my huis, ds. Gustav Opperman; Gereformeerde Epistemologie, Bouwe van der Eems; Sosialisering en kundigheid in tuisskole, Slabbert Le Cornu; Die sing van vrye liederes in die Sondagse eredienste, Henk Schuring; Kerk en Staat, ds. JR Visser; Etiese beoordeling van dobbelary, Bouwe van der Eems; Die Tragedie en Hoop van Apartheid, dr. MR Kreitzer; plus ander artikels en boekresensies oor verskillende onderwerpe</i>	R20-00 (78bl.)
45	Feesdae	<i>Eiesinnige godsdienste is beelddienste, ds. M Retief; Reformasiedag Verklaring; Die regulerende beginsel is noodwendig vir die eredienste, dr. MC Durand; Redes waarom Christene nie Kersfees behoort te vier nie, Kwartaallikse nagmaalsviering in die Bybelse jaarseisoene, prof.dr. Nigel Lee; Ons kerklied en die Geneefse melodieë; Die teenwoordigheid van God in Gesang 7, dr. C. van der Waal; plus ander artikels en boekbesprekings</i>	R20-00 (78bl.)
46	Tuisonderwys	<i>'n Verantwoording van Gereformeerde Tuisonderwys, Verbond en huisonderrig, ds. Gustav Opperman; 'n Verbondsmatige</i>	R40-00 (185bl.)

BRONNE OM TE STUDEER

- *Die Esra Verslag*, nr.41 (Psalms), nr.45 (Feesdae), nr.49 (Kersfees en Gesange) nr.51 (Tydsgees in die Kerk)
- *Waarom is u Lid van die Gereformeerde Kerk?*, LS Kruger
- *Die Doppers in Suid-Afrika, 1760 – 1899*, B. Spoelstra
- *Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, BR Kruger
- *Professor Dirk Postma, 1818 – 1890*, GCP van der Vyver
- Sien ook toekomstige nommers wat in die *Reformator reeks* gaan uitkom, o.a. *Die Reformasie van die Kerk* (Johannes Calvyn); *Die hele wyse waarop God aanbid moet word* (Wes Bredenhof); *Hoe die invoering van Skrifberymings in die GKSA die deur oopgemaak het vir die invoering van Gesange in die GKSA* (LS Kruger)

Die ESRA VERSLAG

Die *Esra Verslag*, onder redaksie van Slabbert Le Cornu en Bouwe van der Eems, is die amptelike tydskrif van die *Esra Instituut*.

Nommer	Tema	Inhoud	Prys
41	Die Psalms	<i>Waarom Psalms in die Erediens behoort gesing te word</i> , B. van der Eems; <i>Wat sing ons tot eer van God?</i> , dr. MC Durand; <i>Die sogenaamde Evangeliese Gesange</i> deur Hendrik de Cock; <i>Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms?</i> deur prof. dr. JD Du Toit (Totius) en prof. Jan-Lion Cachet; <i>Die Psalmboek as Reformatoriese Erfenis</i> deur Prof. VE d'Assonville	R10-00 (40bl.)
42	Anno Domini	<i>Verbondshernuwning</i> , ds. Johan Bosman; <i>Leierskapkrisis van die huidige generasie</i> , Bouwe van der Eems; <i>Opvoeding en die Sondeval</i> , RJ Rushdoony; <i>Die vreugde van die 2de gebod</i> : Ursinus se verklaring van Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus, dr. MC Durand; <i>Teonomie in die Zuid-Afrikaanse Republiek & Totius as Teonomis? & Moet die Owerheid beide tafels van die Wet handhaaf?: die paradigma-</i>	R10-00 (46bl.)

INLEIDING TOT DIE REFORMATOR-REEKS

Op die voorblad word die sentrale gedeelte van die Reformasie gedenkmuur in Geneva, Switzerland afgebeeld. Die doel van die muur is om ons voorgangers in die geloof te gedenk (Hebr.13:7), in die besonder vanaf die tyd van die 16de eeuse Reformasie. Die doel van muur is nie om die persone van die Reformasie te verheerlik nie (sien HK, vr. & antw. 97), maar die aandag te vestig op die geloof waarvoor gestry en gely het, en aan ons oorgelewer het (Jud.3).

Die reformator figure is van links na regs: Guillaume Farel, Johannes Calvyn, Theodore Beza en John Knox. Onderaan staan die naam van ons Verlosser en Koning, 'Jesus', geskryf in Grieks, en daardeur word gesimboliseer dat Hy die 'uitverkore en kosbare hoeksteen' is (1 Petr.2:6), en dat Sy kerk, soos verteenwoordig deur die 4 manne, daarop gevestig is (1 Petr.2:9; Ef.2:20; 1 Kor.3:11).

Daarom het drie van die reformators ook 'n Bybel in die hand, terwyl Calvyn spesifiek 'n *oop* Bybel in sy hand vashou, wat daarop wys dat die Bybel en die Bybel alleen (*sola et tota Scriptura*) die enigste gesag en standaard is vir alle leringe en alle diens aan God, beginnende by die erediens. Alle aanbidding wat deur God nie beveel word nie, moet verwerp word, soos Calvyn dit self stel: "Al ons inspirasie moet van hierdie fontein (dit is die Bybel –red.) kom, en niks van ons eie verbeelding nie".¹

In Hebr.13:7-9 staan daar geskrywe:

Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie.

Die skrywer vermaan ons om nie deur vreemde leringe rondgeslinger te word nie, leringe wat nie volgens die gesonde woorde van ons Here

¹ Inligting aangaande die reformasie gedenkmuur, verkry uit die *International Monument of Reformation* – brosjure, Editions L'eau Vive, Geneve, ingelei deur D. Buscarlet.

Jesus Christus is nie (1 Tim.6:3), want Hy is 'gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid'. Prof. HW Simpson skryf met verwysing na sy vertaling van Calvin se Institusies in Afrikaans, as volg:

Ten slotte stuur ons hierdie vertaling die wêreld in, in die hoop dat Calvin opnuut 'n bydrae teen die valse strominge van ons tyd kan lewer. Castellio's, Servette, Gallo's, Gentilisse en Bolsecs lewe ook in ons tyd. Anabaptiste en Libertyne klee hulle miskien in nuwe gewade, maar die middels om hulle te bestry bly dieselfde as in Calvin se tyd. En laastens: Al ons Afrikaanse kerke roem op hulle Calvinistiese afkoms. Terwyl dit een gemeenskaplike deler is, hoop ons dat hierdie vertaling 'n bydra mag lewer om die onnatuurlike breuk te herstel sodat ons almal saam een in Christus kan wees!²

In hierdie aanhaling blyk die verdere noodsaak daarvan om die stryd vir die ware gereformeerde leer deur die geskiedenis te ken, om sodoende die dwalinge van ons tydsgees te weerlê (2 Tim.3:15-17). Daarom moet ons hulle gedenk wat vir ons die woord van God geleer, hul lewenswandel aanskou en hul geloof navolg (sien Hebr.11), nie net die gelowiges van die bybelse tye nie, maar ook regdeur die geskiedenis van die kerk, ook in ons eie land.

Die *Reformator-reeks* wil daarin van hulp wees, deur geskrifte van die verlede, maar ook die hede, onder die kerkvolk van vandag se aandag te bring. Vandag word die kerk van ons Here Jesus Christus opnuut deur allerlei vreemde leringe bedreig. Is die feit van ons vervalde land en volk, nie ook juis toe te skryf daaraan dat ons die geestelike erfenis van ons reformatoriese voorvaders vergeet het nie? Die feit dat bv. 'n magistrale werk, soos die vertaling van die Institusie in Afrikaans deur prof. HW Simpson, wat beskou word as een van die beste vertalings wêreldwyd, so min aftrek ontvang het van die kerkvolk van Suid-Afrika, wek groot kommer.

Aangesien die kerkvolk die reformatoriese verlede verwerp het, is ons ook so vatbaar en slagoffers vir al die 'valse strominge' van ons tyd, en ons mense, veral die jongmense is nie gewapen met die Woord en die belydenis om staande daarteen te bly nie. Nie net diepgaande nie, maar ook verdere reformasie is nodig. Deur die geslagte hou Christus

² Voorwoord, Johannes Calvin. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Potchefstroom: Calvin Jubileum Boekefonds, 1992, [Online] Available: Logos Library System.

algemene gevoelde behoefte by ons Kerke is vir 'n verandering of wysiging van Art. 69 K.O. nie, en in alle beskeidenheid vra ons die Eerw. Sinode om die sing van Nuwe Testamentiese Liedere nog direk nog indirek as Sinode te bevorder of te begunstig.⁵⁰ Sedert die herstigting van ons Kerk in 1859 was daar **eenheid** van gevoel oor die standpunt in Art. 69 K.O. vervat en in ons tyd van gebrek aan handhawing van beginsels in Gods Woord vervat, **is dit ons plig om die eenheid in ons Kerk te bewaar en te bevorder**,⁵¹ en waar die invoering van die Nuwe Testamentiese Liedere seker die gemoedere van vele in ons Kerk sal skok, is ons nederige bede dat die Eerwaarde Sinode uiters versigtig moet handel in die saak, en Art. 69 onveranderd handhaaf.⁵²

Met heilbede,
(Geteken) Oudl. B. J. De Klerk (Theunissen).
Oudl. I. Vorster (Rustenburg). *

* Opmerking: Soos die beswaarskrif se ondertekening aandui, was dit opnuut reformator ouderlinge wat voorgeloop het in die pad van reformasie, netsoos dit die geval was met die geboorte van die Gereformeerde Kerke in 1859, toe ouderlinge soos JJ Venter, P Snyman, JD Du Plessis, ens. die voorgangers was soos die Skrif dit beveel. Ds. Huet skryf van hierdie Doppers, dat "Ik geloof tegelyk dat hun bestaan een opmerkelyk verskynsel is, en dat hun naauwgezet vasthouden aan den Bijbel met kantaantekening, en hunne angstige verkleefdheid aan de oude Calvinistiese leer, een middel is geweest tot bewaring van wat aan verscheidene plaatsen geheel verloren ware gegaan – de Gereformeerde kerkleer." Van der Vyver, *ibid.*, p.200, 201. Dus, wat ds. Huet probeer sê is dat hul in hul Skrifbeskouing en lewensbesluite, die hele Skrif en dus Ps.119 en 2 Tim.3:15-17 ernstig opgeneem het, soos dit hoort. Etikette soos 'angstige', 'verkramp', 'fundamentalisme', ens., is retoriek waaraan reformators van ons tyd ook gewoon moet raak, want die belangrikste vraag, is om in opregte eenvoudige geloof getrou gevind te word aan Hand.17:11 en 2 Tim.2:15. Dit laat 'n mens opnuut besef dat die reformasie van die kerk, nie kan plaasvind sonder die deeglike en deurgaande reformasie van die ouderlingsamp nie. – *red.*

⁵⁰ Hierdie profetiese oproep, word tot vandag toe nog, verwerp deur Sinodes, aangesien daar bv. geen noodsaak en behoefte kon aangetoon word vir die Cloeteberyming nie, ten minste vanuit die gemeentes nie. Die ekumeniese tydsgees het dit bevorder of begunstig.

⁵¹ Dit is die invoering van valse leer, messiaans-ontkenende psalms, gesange, ens., wat die eenheid van die Kerk versteur, en nie hulle wat – soos die gemeente van Christus by Theunissen, by 1936 se Sinode, wat die Kerk oproep tot reformasie nie (sien NGB, artikel 29).

⁵² *Handelinge van Sinode 1936*, p.162, 163.

(4) Die gevoele van die Gemeente van Theunissen is deur die besluit van die Eerwaarde Sinode so seergemaak, dat hulle nie kans sien om vir 'n tydperk van drie jaar die drukking op die gemoedere, **wat eensgesindheid in die Kerk verstoort**, deur te maak nie, en dat die besluit onaanneemlik is **vir onse oue Kerkvaders** wie ons voorgaan in handel en in wandel.

(5) Die Gemeente van Theunissen lê hulle neer by die minderheidsrapport soos bevat in Art. 57 van die Handeling van die Sinode van 1933, wat as volg lui: "Die Eerw. Sinode word ge-adviseer om te bly by Art. 69 K.O. (soos gewysig 1913, Art. 143.)"

Motivering

Ondergetekendes gevoel dat Art. 69 K.O. 'n geskiedenis het van meer as 300 jaar, waaruit wysheid spreek wat nie in die 20ste eeu geminag mag word nie. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke leer duidelik dat waar Art. 69 nie gehandhaaf was en word nie, die Psalms eers teruggedring is en daarna in vele gevalle opsy gesit is.⁴⁶

In Kerke waar modernisme, liberalisme, ens., heers word dikwels gesange gebruik om van die Psalms wat, soos beweer word, outestamenties te wees, los te kom.⁴⁷ In vele kerke waar met, en na die Reformasie, Psalms gesing was, word tans geen Psalms meer gesing nie as gevolg van die invoering van die gesange.⁴⁸ Waar sulke feite waarskuwend is, en waar die suiwer Gereformeerde Kerke vir meer as 300 jaar hulle lief en leed, ja al hulle sielsbehoefte voor God deur **die 150 Psalms** kon bring, ag ons dit noodlottig om van die deur die eeuwe heen geregverdigde standpunt van ons vaders af te gaan; te meer waar ons leef in 'n tyd van grensvergaging en beginselverkragting.⁴⁹ Wat ons gemeentes in Suid-Afrika in die besonder betref wens ons as ons oortuiging uit te spreek, dat daar geen

⁴⁶ Sien bladsy 17 en 18 hierbo, om te sien hoe profeties waar dit is.

⁴⁷ Die ontkenning van die eksplisiete Messiaanse Psalms deur die Cloeteberyming bevestig hierdie profetiese uitspraak.

⁴⁸ Elke ekstra Skrifberyming (nou reeds meer as sestig) en die dogmatiese lied wat nog oppad is, bevestig hierdie profetiese uitspraak.

⁴⁹ Aangesien ons aanhou wyser as God probeer wees (deur nie noukeurig te luister na HK, So.35 nie), en Hom deur liedere probeer dien wat Hy nie beveel het nie, hou ons aan om in die geskiedenis hierdie foute te herhaal en so verder te verval in deformasie.

sy kerk in stand, en daarom moet elke geslag opnuut die waarhede van die Skrif hul eie maak en antities op alle terrein van leer en lewe gehoorsaam toepas. Calvyn skryf op 'n plek:

As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die geloof onder ons vasstaan, en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee nie alleen die belangrikste plek het nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens saamvat, naamlik 'n kennis, *eerstens* van die manier waarop God reg vereer moet word; en, *tweedens*, van die bron waarvandaan verlossing gekry moet word. As ons hierdie twee dinge nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos ...

Dus, hoe ons God aanbid (die persoonlike, gesins- en gemeente erediens) en hoe ons verlos word (uit genade deur die geloof alleen o.g.v. Christus se verdienste) is sentraal en moet sentraal staan in die christelike geloof. God verlos ons om Hom in gees en waarheid te aanbid (Joh.4:24), soos Hy beveel en nie volgens ons goeddunke nie (Deut.12:32; Matt.15:9; sien ook NGB artikel 7; HK, So.35).³ Hoe ons aanbid sal ons siening van die verlossingsleer bepaal, en omgekeerd. As God nie totaal soewerein is in ons verlossing nie, sal Hy ook nie soewerein wees in hoe ons Hom moet aanbid nie. As die verlossing afhanklik is van die samewerking tussen twee partye, nl. God en die mens, dan gaan hoe ons aanbid ook bepaal word tussen wat God wil hê en die mens wil hê, nl. verlossing deur werke en eiewillige godsdiens.

Hierdie twee leringe, gaan dan ook bepaal of ons God as Soewerein sal bely en dien in die samelewing, aangesien dit natuurlik ook verreikende implikasies het vir die totale lewe. (bv. as God se Wet nie soewerein binne die kerk is nie, hoe kan dit ooit wees buite die kerk, bv. in die politiek? Daarom word teokrasie en teonomie so maklik verruil of afgewater vir 'christelike' demokrasie en menseregte). Uiteindelik kan die soewereine genade en geregtigheid van God nie gehandhaaf word in ons leer en lewe, sonder die 'reg insien' van hierdie twee sentrale leringe nie, soos Calvyn dit hierbo stel.

Met die *Reformator-reeks* word daar daarom gepoog om opnuut te herinner en op te roep, om "kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal

³ NGB = Nederlandse Geloofsbelijdenis; HK = Heidelbergse Kategismus; DL = Dordtse Leerreëls.

aan die heiliges oorgelewer is.” (Jud.3). Vandag, soos reg deur die geskiedenis van die Afrikaanse kerke en die Afrikaanse volk in Suid-Afrika, is daar opnuut ’n oproep vir saamstaan om sodoende ’n verskil te maak’ of ’n ’drukgroep’ te vorm in Suid-Afrika. Daar kan, myns insiens, egter geen diepgaande en deurgaande reformasie wees as ons gesinne en gemeentes nie terugkeer na die Heilige Skrif en ons gereformeerde belydenisskrifte nie, in woord en daad.

Ja, geen volksreformasie sonder gesins- en kerkreformasie nie! Geen strewe na volkseenheid sonder strewe na kerkeenheid, gebaseer op die Skrif *volgens* die gereformeerde konfessies nie! Ons moet beide ’n postmoderne-mensereg liberale ’gereformeerde’ geloof, asook die metodistiese revivalistiese mistiekgodsdienst van ons tyd, verwerp. Dit is beide kerk en volk se ondergang. Prof. dr. HG Stoker het reeds in die middel van die 20ste eeu as volg geskryf:

Nieteenstaande hierdie agteruitgang glo ek nog dat daar ’n kern van ons volk is wat aan sy verlede ten volle trou bly en in die regte rigting voortbou. Ek glo nog dat daar ’n tyd sal kom waarin God ons volk sal wakker skud tot ’n stryd wat die so nodige **antitese** sal skep en die toegedekte antitese, die dubbelslagtige en dubbelhartige karakter van die sinkretisme, sal ontbloom en daardeur vernietig – **’n stryd wat noodwendig op kerklike en godsdienstige terrein sal moet begin** (en meer spesifiek, by Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus – red.) omdat die Calvinisme die geestelike wortel van ons volksbestaan is.⁴

Mag God ons daartoe genadig wees, sodat ons weer na Hom sal terugkeer, en ook ons voorgangers sal gedenk, deur in die geloof wat hul aan ons oorgelewer het, te volhard, sodat die woorde van prof. Stoker ook in ons tye en in ons nageslagte mag realiseer. Mag die kerk van Christus daarna terugkeer om Hom te aanbid alleen soos Hy beveel (Matt.17:5; 28:19) en aan Hom al die eer en lof te gee vir Sy soewereine liefde en geregtigheid, wat ons alleen uit genade deur die geloof red, tot goeie werke (Ef.2:8-10).

Die redakteur
Slabbert Le Cornu

⁴ *Oorsprong en Rigting*, deel 1 (Kaapstad: Tafelberg, 1967), p.333, 334. Beklemtonings is bygevoeg – red.

BYLAAG 3: ARTIKEL 146: BESWARE INSAKE SKRIFBERYMINGS BY SINODE 1936, deur die Gereformeerde Kerk, Theunissen⁴⁵

Die Kommissie vir Dogmatiese en Kerkregtelike Sake rapporteer as volg:

Die volgende stukke is behandel:

Aan die Voorsitter,
Korresponderende Kerkraad,
Sinode van die Gereformeerde Kerk,
Heidelberg, Transvaal.

Eerwaarde Broeders,

Met alle beleefdheid besluit die Kerkraad en Gemeente van Theunissen op ’n gemeentevergadering gehou op 13 Mei 1933 om te protesteer teen die besluit van die Eerwaarde Sinode geneem op Pretoria, Maart 1933, wat die uitwerking het van die invoer van Nuwe Testamentiese Liedere of Gesange in die Kerk, op grond van:

(1) Die besluit is in beginsel en in woord in stryd met Artikel 69 van die Kerkorde van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, wat bepaal dat in die Kerk alleen die 150 Psalms van Dawid, die Tien Gebooe, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsanqe van Maria, Sacharias en Simeon gesing moet word.

(2) Dat dit erken word dat aangesien die Kerkelike stryd in Suid-Afrika vir ’n groot deel ’n Gesangestryd was **so ’n besluit nie alleen teenstrydig is met die geskiedenis van ons Kerk nie, maar dat dit strek tot die verontagsaming van diegene, aan wie ons die suiwerheid van die leer van ons Kerk te danke het.**

(3) Dat voor en aleer so ’n besluit geneem is al die gemeentes van die Gereformeerde Kerk eers geraadpleeg moet word.

⁴⁵ *Handelinge van Sinode 1936*, p.162, 163. Sien die doel van hierdie bylaag op bl.17.

Gesange.⁴³ Die Sinode onderskei tweerlei besware t.w. dat die beswaardes 'geweigerd hebben de Gezangen te zingen' wat dui op 'n beswaar teen Gesange as sodanig⁴⁴ en tweedens 'zoo zy omtrent het een of ander gezang eenige bedenking of zwaarigheid mogen hebben' wat dui op die leerstellige besware teen sommige Gesange.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 7) bied 'n hoogs samehangende en Bybelse argument vir die beginsel dat ons God alleen moet dien soos wat Hy ons in Sy Woord beveel het, sonder om enigiets weg te neem of enigiets by te voeg by hierdie allersuiwre Woord van God. – W. Bredenhof, *Die hele wyse waarop God aanbid moet word*

⁴³ Dit wil voorkom asof die tyd waarin die boek geskryf is, die outeur dit moes beklemtoon dat die Gesange verwerpe is nie net oor die feit dat Gesange opsigself deur die Doppers verwerp is o.g.v. Skrif en belydenis nie, maar dat daar ook inhoudelike redes was vir die verwerping van die Gesange. In vandag se tyd, en moontlik vir die toekoms, is dit weer belangrik om die klem daarop te lê dat die Gesange nie net verwerp is vir inhoudelike redes nie, maar ook en veral omdat Gesange nie beveel word deur die Skrif nie, soos die eerste geslag Doppers oortuig was en dit gehandhaaf het.

⁴⁴ O.a. JD Du Plessis, S. Kruger en P. Snyman het hierdie beswaar gehandhaaf, *ibid.*, p.20

WAAROM IS U LIDMAAT IN DIE (DOPPER) GEREFORMEERDE KERKE?

Ons leef in 'n tyd waarin die rykdom van die gereformeerde (ere)diens aan God, opnuut verwerp of bevraagteken word. Gelowiges wat hul verlede vergeet, word egter slawe van die hede en kan so gemanipuleer word ten opsigte van die toekoms.

Die rykdom van die gereformeerde diens word al hoe meer deur die postmodernistiese lewensuitkyk beïnvloed en ingesluk, en daarom beleef ons nou 'n tyd waarin selfs kerke met die gereformeerde belydenis- "*nie meer die gesonde leer verdra nie, maar, omdat hul in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede.*" (2 Tim.4:2-4)

Die lei daartoe dat daar 'n verval is, nie net in die suiwere leer nie, maar ook in die tug en erediens van die kerke. Mense wil nie meer volgens God se bevele Hom dien en eer nie, maar 'volgens hul eie begeerlikhede' die (ere)diens van God inrig. Die verval in die samelewing, is die getuie van hierdie verval wat in die kerke plaasvind. Omdat God nie meer gevrees word nie, omdat Sy wette verag en verdraai word in die kerk, daarom is daar ook geen vrees meer vir God in die samelewing nie. Die eiewillige godsdiens in die erediens, lei tot 'elkeen wat doen wat reg is in sy eie oë' op die ander terreine van lewe. Soos daar verval is in die gesamentlike erediens, so is daar ook verval in die persoonlike- en gesinserediens (huisgodsdiens), en omgekeerd.

Teenoor die eiewillige godsdiens -hetsy binne of buite die kerk- bely ons die volgende Skriftuurlike waarheid, soos saamgevat in die gereformeerde leer, naamlik: "*Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in Sy Woord beveel het nie*" [HK, So. 35. Sien ook: NGB 7; 30; 32]. Die erediens moet sentraal staan in die lewe van die gelowige. Vanuit die ware erediens beweeg die gelowige na alle terreine van lewe en denke om Sy wil in alles te soek. Dit is dus noodsaaklik om die week reg te begin, juis in hierdie tyd wat nie net die erediens nie, maar ook die rusdag van die HERE in gedrang is.

Calvin skryf – soos hierbo na verwys is - dat die twee belangrikste leringe van die reformatie, die volgende twee aspekte was en is:

- die handhawing van die suiwere erediens, en
- die verlossing uit genade deur die geloof alleen.

En dit het ons gereformeerde vaders, *reformators* van hul tyd, ook opnuut in die kerkstryd en reformasie in die 19de eeu ingesien, wat uitloop het op die geboorte van die Gereformeerde Kerke in 1859.

Dr. GCP van der Vyver skryf in sy boek *PROFESSOR DIRK POSTMA 1818 - 1890*, oor die belangrikheid van die kerklied, en dan haal hy spesifiek ook vir prof. Jan-Lion Cachet aan (wat een van die eerste professore was van die GKSA se teologiese skool):

Die kerksang in 'n erediens is beslis nie maar 'n kleinigheid of 'n middelmatige saak nie. 'Het is gansch geene bijzaak. Juist het teenoorgestelde. **Die gemeenskaplike sang dien by uitnemendheid tot verheerliking van God.** Dit is 'n gemeenskaplike bedede en danksegging tot God. Dit is die stem van die gemeente waarin hy uitdrukking gee aan sy diepste gevoel. 'Zooals men zingt zoo gelooft men. Doordat wij ze van onze jeugd af aan hooren, worden die uitdrukkingen ons eigen, en als dus verkeerde leer in het kerkgezag gevonden wordt, dan kan het niet anders of de leer zal de gemeente als doordringen.¹⁵

Wat ons dus sing, het alles wesenlik te doen met die eerste kenmerk van 'n ware kerk, nl. die suiwere verkondiging van die evangelie (NGB artikel 29). Dit is dus geen middelmatige saak nie, maar 'n leersaak wat in lyn moet wees met die tweede gebod, dat ons God aanbid soos Hy beveel. Wanneer daar geskryf en besin word oor wat ons moet sing in die erediens, dan gaan dit oor die toepassing van *die sola et tota Scriptura beginsel* (die Skrif, en die hele Skrif alleen) *soos toegepas in die erediens/aanbidding van God* (ook genoem die Tweede Gebod beginsel of die gereformeerde/regulerende beginsel van die erediens/aanbidding).

Daar word dikwels beweer dat die hoofrede en soms die enigste rede vir die ontstaan en bestaan van die GKSA alleen die Gesangekwessie was, en verder, belangrik vir die bestudering van hierdie teks, dat ons

¹⁵ Potchefstroom: Pro Rege, 1958, p.203. Beklemtoning en onderstreping bygevoeg – *red.*

steek nie. Aan die psalms kleef as beryming ook die menslik feilbare en is dit nie identies met die geïnspireerde Woord van God soos in art.7 N.G.B. bely nie.⁴¹ Tewens, Postma self het in sy gesangstandpunt, waarop ons nog volledig terugkom, nie hierdie beswaar met die beswaardes gedeel nie.

Hoofsaak was egter dat die beswaardes, gevoed deur die regsinnige 'outeurs', dadelik gevoel het 'dat de Gezangen een andere leer brachten.' Soos 'n ou vader, uit daardie tyd, dit uitgedruk het: 'dat de Gezangen in strijd zijn met Gods Woord.' Hiervoor het hulle, volgens ds. Huet, hulle beroep op Gal.1:9: 'Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!'

Dit is duidelik: hulle het gemeen die Gesange bring 'n valse Evangelie. ... Uit die besluit van die Sinode 1847 van die Kaapse N.G. Kerk, is dit ook wel duidelik dat die besware nie net gegaan het teen die Gesang-bundel as sodanig in die erediens nie,⁴² maar wel ook teen die leerstellige inhoud van sekere

⁴¹ Dr. van den Vyver se argument gaan nie op nie, en word ook in die teks van Totius en Cachet, onder die afdeling 'Beryming' beantwoord (p.31). As ons dr. van der Vyver se argument deurvoer, dan beteken dit ons kan ons nie beroep op artikel 7, om bv. te keer dat Calvyn se Institusies, i.p.v. 'n goeie vertaling van die Skrif in die erediens gelees en gepreek word nie. Net soos vertaalwerk 'mensewerk' is en tog nogsteeds die Heilige Skrif *in Afrikaans* is (NGB, artikel 3), is daar tog 'n duidelike onderskeid tussen die vertaalde Bybel, en bv. 'n teologiese geskrif van Calvyn, ongeag hoe regsinnig laasgenoemde ookal is. Dieselfde geld vir die verskil tussen 'n Psalm *beryming* en 'n Gesang. Myns insiens was die Doppers se beroep op artikel 7 van die NGB legitiem. Verder kan gevra word of dit nie die beste en veiligste is om metriese Psalms te sing nie, soos daar bv. in die Skots-Presbyteriaanse tradisie gedoen word nie?

⁴² Dit was o.a. die standpunte van Doppers soos SC Du Plessis, ouderling JD Du Plessis, S Kruger, ouderling P. Snyman, ens. (sien van der Vyver, *ibid.*, p.202 – 223). Van der Vyver skryf op 'n ander plek, waarin hy HJJ Kruger, uit die tyd van die stigting aanhaal: "Na 'n lange stryd, waarvan die spore soos aangetoon is, duidelik sigbaar is tot in die dertiger jare, na jare van verset teen valse leer gekoester binne die mure van die kerk, na jare van versugting 'omdat de kerk de gewetens dwingen wil tot aanneming van menschlijke instellingen en leeringen strijdig met God's Woord', het die uitkoms eindelijk gekom." *ibid.*, p.294.

die Psalms wat uit die Woord van God was, daarvoor het hulle hulle beroep op Matt.15: 9 in verband met die reeds aangehaalde Dt.4:2. Matt.15:9 lui: 'Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.'³⁹

Art. 7, N.G.B., handel oor die 'volkomenheid van die Heilige Skrif' om alleen die reël van die geloof te wees' en die eerste sin lui:⁴⁰ *Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin uitvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie—ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal.1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut.12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemaal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ookal was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of die oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps.62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh.4:1) en "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie" (2 Joh.10).*

Dit is duidelik dat hulle wou waak oor die genoegsaamheid van Gods Woord. Vir hierdie waaksaamheid oor die genoegsaamheid van Gods Woord kan mens alleen waardering hê, maar die argument van die beswaardes dat Gesange, as sodanig in 'n erediens, gelykstelling is van 'n menslike geskrif met die geïnspireerde Woord van God, hou ons insiens nie

voorvaders dit alleen teen die *inhoud*, d.w.s. die *leer* van die Gesange gehad het en dit nie ook oor die *beginnel* van Gesange *opsigself* gehandel het nie, naamlik of ons enigins Gesange mag sing in die erediens, of nie. 'n Noukeurige bestudering van die sinodehandelinge in die geskiedenis, asook die kerkhistorici se bronne sal egter gou duidelik maak dat baie meer op die spel was as net die *leerinhoud* van die Gesange (en die saamgaande kerkregtelike stryd wat in alle reformasies teenwoordig is⁶). Dr. van der Vyver skryf o.a.:

Die Sinode (Kaapse NG Kerk, 1847 – red.) onderskei tweeërlei besware t.w. dat die beswaardes 'geweigerd hebben de Gezangen te zingen' wat dui op '**n beswaar teen Gesange as sodanig**' en tweedens 'zoo zy omtrent het een of ander gezang eenige bedenking of zwaarigheid mogen hebben' wat dui op **die leerstellige besware** teen sommige Gesange.⁷

Wat die *leer*, betref, was die dwalings wat in die Gesange gevind is (wat ook te vinde was in die leerstellige dwalings in die kerke), onder andere: dat dit die gees van die Supernaturalisme, Rasionalisme, Verligting, ens., adem, 'n algemene genade aan alle mense verkondig, dit "is loutere Pelagiaanse humanisme; die mens moet maar net sy plig doen dan sal die 'licht' eenmaal vir hom opgaan"; 'een Roomse Leer' bevorder; "den Gezangbundel krachtig heeft medegewerkt tot heerschappij van het Liberalisme en dientengevolge tot het verval van onze Kerk"⁸

Hierbo, by die inleiding tot die *Reformator* reeks, is dit genoem, in aansluiting met Calvyn, dat *hoe* ons aanbid (die erediens en dus wat ons sing ook) asook die leer van die verlossing onlosmaaklik gekoppel is aanmekaar en mekaar wedersyds beïnvloed. Ook dit was sentraal op die spel, in die kerkstryd in die 19de eeu, met die kwessie van " 'n algemene genade aan alle mense verkondig" wat die hart van die

⁶ "In hoofsaak kom dit daarop neer dat die gebruik van die Gesange gesanksioneer word sonder om dit aan 'n deeglike Skriftuurlike-konfessionele regsinnigheidstoets te onderwerp ... Met hierdie caesaropie (met saamgaande Kollegialisme – red.) kon die Gereformeerdes hulle nie vereenselwig nie.", Van der Vyver, *ibid.*, p.216, 220.

⁷ *Ibid.*, p.206.

⁸ *Ibid.*, p.206-212.

³⁹ Matt.15:3, 9 (Mark.7:7) word by NGB 7 en 32 (en by HK, Sondag 35, oor die tweede gebod – die erediens) gebruik as skrifgetuieis.

⁴⁰ Die hele artikel word aangehaal terwille van die konteks – *red.*

Evangelie aantas.⁹ Vir die begronding vir hierdie stelling, **sien bylaag 1 (p.40)**, wat 'n gedeelte is uit dr. van der Vyver se boek wat wys op die leerdwalinge van daardie tyd en hoe dit via die Gesange die kerke ingedra, oftewel ingesing is. Ook in ons eie tyd sal ons opnuut moet waak, dat 'n verkeerde leer nie beide ons verlossingsleer en aanbiddingsleer op 'n dwaalpad plaas nie, ook nie via die kerksang nie.

Om terug te kom by die Gesange. Dirk Postma se standpunt is welbekend, nl. dat hy nie probleem daarmee gehad het as regsinnige gesange in 'n gemeente gesing word nie, maar dat hy dit as die *beste* weg beskou het om gesange te sing waarvan die teks te vinde is in die Bybel (dit is nl. Psalms en Skrifbelymings, in onderskeid met Gesange waarvan die teks nie te vinde is in die Bybel nie). Wat belangrik is, is dat Postma ook genoem het, dat waar lidmate beswaard is om regsinnige gesange te sing, moet hul gewetens nie gebind word nie, maar moet daar in lyn met Romeine 14, die Psalms alleen gesing word. Indien daar nogsteeds nie ooreenstemming is nie, moet dit aan die 'wijsheid en het geweten van elken leeraar overlaat om hierin te handel naar zijn geweten, met inachtneming van den toestand der Gemeente; ten einde er om deze zaak geene verdeeldheid noch scheuring plaats vinde'.¹⁰

Dit is nie nou die geleentheid om in te gaan op vader Postma se gemoedelike standpunt, en in hoeverre dit skriftuurlik, konfessioneel en kerkregtelik *regsinnig* is nie, maar om net die volgende feit uit bogenoemde te konstateer, nl. dat daar ten minste 2 verskillende standpunte was oor **die redes en begronding** vir die verwerping van Gesange, wat tot vandag toe nog in die GKSA leef.

Albei strominge het dit teen die valse leer van die Gesange gehad, as ook die ongereformeerde kerkregtelike aspekte van die stryd, maar het verskil oor die kwessie of Gesange *opsigself* in stryd is met God se Woord, al dan nie. Gewoonlik, of ten minste in die huidige tyd, word daar min van gemaak dat Gesange opsigself verwerplik is, en is dit wel 'n ope vraag of vader Postma se standpunt, wat later op 'n mindere of

⁹ "Die besware teen die Gesange en die prediking 'dat een mensch een eigen wil ter zaligheid heeft' en bygevolg gemis aan 'de zuivere predestinasie of uitverkiesingsleer', is met die jare nie uitgewis nie". *ibid.*, p.291, 292

¹⁰ *Ibid.*, p.229.

BYLAAG 2: Die handhawing van Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 7, deur die Doppers in die 19de eeu, in hul verwerping van die Evangeliese Gesange:³⁸

Vir volledigheidshalwe, ook in hierdie saak, wil ek vir dr. van der Vyver hier aanhaal, om te wys dat die besware teen die Gesange ook teen die bestaan daarvan *opsigself* was, en nie net oor die leerstellige inhoud van die Gesange nie:

Die Doppers was onteenseglik 'fijn proewers in die Evangelie.' Al het die samestellers van die Gesange dit opgestel 'naar een waarheid zonder hoeken, die rond is, die niemand zeer deed' sodat 'de achterblijvende domper en de verlichte' dit wel saam kon sing, die 'Dopper' van Suid-Afrika wou hierdie versuikerde pil nie sluk nie. In hulle amper ongeletterde staat was hulle Calvinistiese voelhorings tog fyn ontwikkel en kon hulle die dwaalleer, met veel skyn van vroomheid omhul, uitken.

In die eerste plek het hulle uitgegaan van die standpunt dat die invoer van die Gesange gelykstelling was van 'n menslike geskrif met die geïnspireerde Woord van God. Met 'n beroep op Art.7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis het hulle die Woord van God as volmaak en genoegsaam beskou, waaraan niks toegevoeg mog word nie. Die Gesange naas die Psalms in die erediens het hulle beskou as sodanige toevoeging. Hulle het hulle verder vir die volmaaktheid en genoegsaamheid van die Skrif beroep op Deut.4:2: 'Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooi van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel,' en op Openb.22:19: 'En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.' Teen gelykstelling van 'n menslike geskrif met

³⁸ Hierdie gedeelte word woordeliks oorgeneem uit GCP van den Vyver, *Dirk Postma 1918-1890* (Potchefstroom: Pro Rege, 1958), p.204-206, beklemtonings en opmerkings in die voetnotas is deur die redakteur bygevoeg. Sien p.15 hierbo vir die doel van hierdie bylaag.

'n growwe kettery onder die vaandel van die Dordtse Leerreëls laat vaar. Oor die algemeen kom Du Toit, t.o.v. die Skotse predikante tot die konklusie: 'De predestinasie is wel deur die Skotte aanvaar, maar is gewoonlik verswyg van die kansel' en dan voeg hy daarby dat die Skotte wel 'Calviniste' was. Om te beweer dat iemand 'Calvinis' is maar dat hy tog die uitverkiesing op die kansel verswyg, is natuurlik 'n *contradictio in terminis*, en is nie in lyn met Calvyn wat die predestinasie die *cor ecclesiae* genoem het nie. Verswyging beteken eenvoudig versaking, en in sy diepste wese tersydestelling van die hart van die gereformeerde belydenis.³⁶ Die Liberalisme het nie net in die prediking van die uitgesproke liberaliste in die Kaapse Kerk tot uiting gekom nie, maar in die vorm van belydenisversaking en verwerping, ook in die prediking van sogenaamde regsinnige predikante.³⁷

Om te beweer dat iemand 'Calvinis' is maar dat hy tog die uitverkiesing op die kansel verswyg, is natuurlik 'n *contradictio in terminis*, en is nie in lyn met Calvyn wat die predestinasie die *cor ecclesiae* genoem het nie. Verswyging beteken eenvoudig versaking, en in sy diepste wese tersydestelling van die hart van die gereformeerde belydenis.

³⁶ Soms word daar ook tussen Dordtse outentieke Calvinisme en Arminianisme 'n middeweg geskep deur voor te hou dat die verbondsleer die hart van die gereformeerde belydenis is. Indien daarmee bedoel word dat ons soewereine genadige God se predestinasie/uitverkiesing die basis en fondament is van die verbond in die geskiedenis, dan is dit aanvaarbaar, maar sodra uitverkiesing en verbond so geskei of 'onderskei' word dat dit daarop neerkom dat die mens se handeling soewerein raak in die kwessie van wie aan die verbond behoort, al dan nie, dan is dit verwerplik, want dan is ons weer op die glibberige pad van die 'growwe ketterye' van die Arminianisme.

³⁷ *Ibid.*, p.284-286, beklemtonings bygevoeg – red.

meerdere wyse, deur Totius gehandhaaf is, wel altyd die meerderheidstandpunt was, veral in die jare voor en net na die geboorte van die Gereformeerde Kerke. Verder moet in ag geneem word dat die Doppers se argumente 'n moeilike saak is om na te vors, en dat die mense baie daarvoor gepraat het in daardie tyd, maar min daarvoor geskryf het.¹¹ Laasgenoemde meen ek geld veral vir die ouderlinge en vaders wat die reformasie in die 19de eeu gelei het, die Venters, Snymans, Krugers, van der Walts en die Du Plessis's wat vasgehou het aan die Skrif en die belydenis, met 'n opregte en eenvoudige geloof en lewenswyse. Van hierdie *reformators*, kan tereg gesê word, in die woorde van ds. SJ Du Toit, Totius se gerespekteerde vader: "Liewers 'n ongeleerde Afrikaner met sy Bybel, as 'n geleerde Europeaan sonder God en Sy gebod."

Van der Vyver staan in sy werk 'n aansienlike gedeelte af aan die kwessie oor die Doppers se 'besware teen die Gesange' (p.202-212) en in sy voetnota 73¹² spreek hy sy verbasing uit omdat 'n ander kerkhistorikus nie dit in sy werk vermeld nie, omdat dit 'tog een van die kernpunte (is) waarom die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedraai het.'

Van der Vyver wys daarop dat die Doppers hul beroep het op skrifgedeeltes soos Deut.4:2; Matt.15:9 en Op.22:19, om te bevestig:

dat die invoer van die Gesange gelykstelling was van 'n menslike geskryf met die geïnspireerde Woord van God. Met 'n beroep op Art.7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het hulle die Woord van God as volmaak en genoegsaam beskou, waaraan niks toegevoeg mog word nie. Die Gesange naas die Psalms in die erediens het hulle beskou as sodanige toevoeging.¹³

Sien gerus bylaag 2 (p.43) vir die volledige gedeelte vir hierdie standpunt van die Doppers, dat hul nie net teen die dwalende leerinhoud van die Gesange gehad het nie, maar ook en veral oor die feit dat dit vir hul menslike instellings en tradisies van mense was wat in stryd met die Skrif en belydenis was. Ook in die jare na 1859, is daar met twee versoeningspogings die breuk probeer herstel tussen die

¹¹ Van der Vyver, *ibid.*, p.203.

¹² *Ibid.*, p.202.

¹³ *Ibid.*, p.204, 205.

Nederduits Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk. Die Hervormde Algemene Vergadering het sekere voorwaardes vir hereniging en versoening daargestel. Wat die Gesange betref, het hul hul voorwaarde vir die handhawing daarvan so verander dat elke leraar na sy eie gewete in die gemeentes kan handel, m.a.w. dat Gesange nie meer bindend was op die lidmate nie, soos voor 1859 nie. Ongeag van hierdie tegemoetkoming, het die Algemene vergadering van die Gereformeerde Kerk dit nogsteeds verwerp, en ge-eis dat die Ned. Herv. Kerk hul besluit oor die Gesange *herroep*, en in 'n brief, gerig aan die President en die Uitvoerende Raad van die ZAR, stel hul dit as volg:

Dat ons verschil geene menslike insettingen, maar op Gods Heilig Woord en het voorbeeld der welbeproepte Gereformeerde Kerk van al oude dagen en den wensch dat ook wij alzoo God naar zijn Woord ongehinderd mogen dienen in dezen lande, al zijn wij dan de minderheid."¹⁴

As daar na vandag gekyk word, dan is dit hartseer om te erken dat ons huidige geslag nie die lesse van die geskiedenis geleer het nie, toe in die eerste helfte van die 19de eeu, in die beslissing van die Gesange:

die hoogste gesag weereens nie uitgeoefen (is) deur Gods Woord nie, maar deur die meerderheid van die vergadering wat onder die vaandel van Gods Woord 'n Gesangbundel met sy gereformeerde vreemde Supranaturalisme ingeskuif het. In wese het die valse Kollegialisme in die Gesangestryd gelei tot die uiterste konsekwensie van die Liberalisme: miskien van die absolute gesag van Christus en sy Woord oor sy kerk."¹⁵

Die sangkwessie staan sentraal in enige verdere bybelse reformasie. Die Gereformeerde Kerke van Nederland voor die Sinode van Dordt (1618/19) het slegs die 150 Psalms van Dawid gesing. Tydens Dordt is vyf Skrifberymings en die berymde Twaalf Artikels goedgekeur, **met die doel om dit te beperk net tot daardie uitsonderings en niks meer nie**,¹⁶ en is dit nie 'n kerkordelike begroning vir die invoering

¹⁴ *Ibid.*, p.335.

¹⁵ *Ibid.*, p.288.

¹⁶ Ds. HJ Venter verwoord dit as volg: "Wat gesing mag word, is alleen die 150 Psalms van Dawid en dan die by name genoemde gesange ... Net die genoemde getal en niks meer nie, deur wie ook al gedig of hoe mooi ook al. Beslis en bewus is die deur toegemaak vir enige ander gesang of lied ... My

volgens Filip.2:12 'werkt uws zelfs zaligheid met vreze en beven.' Ja antwoordde ik, maar hoe gemaakt met 't volgend vers: 'Het is God, die in u werkt beide het willen en het werken, naar zijn welbehagen.' Het antwoord dat ik daarop kreeg was: 'Daarom kan ik met julle Doppers niet klaar komen.'

... Ds. Huet spreek ook van 'een sluimerend zich onbewuste gevoel van gemis aan Calvinistische prediking'³³ by die 'Doppers' en soortgelyk is die getuigenis van ds. Frans Lion Cachet³⁴ wat verskeie gemeentes in die Ned. Geref. Kerk bedien het: 'Verkiezing en verwerping, de twee stukken die bij zovele orthodoxen in Holland op den voorgrond staan, staan in de kerk van Z. Afrika (en terecht)³⁵ niet op den voorgrond.'

Dat o.a. ds. A. Murray opening gelaat het vir 'n Christus pro omnibus, blyk uit sy eie verklaring. Na aanleiding van sodanige beskuldiging het hy geantwoord: 'De Dordtse vaders echter hebben zich wel gewacht om ergens te zeggen dat Hij alleen voor de uitverkorenen is gestorven, veel minder dat Hij niet voor allen is gestorven.' Ds. Murray beweer dan verder dat die Leerreëls opsetlik so opgestel is 'om ruimte te laten voor het gevoelen dergenen, die uitdrukkelijk predikten dat Christus voor allen gestorven was, en dat God wel en zeer ernstig de zaligheid van allen wil.' Die Dordtse Sinode het dus, volgens Murray, aan die prediking Christus pro omnibus 'eene plaats toegeken in de Gereformeerde Kerk naast die, dat Christus dood in meer byzondere zin de uitverkorenen gold.'

Dat die roeping tot alle volkere uitgaan, en moet uitgaan, dit is korrek, **maar die genade in Christus word tog alleenlik bevestig aan die harte van 'de uitverkorenen.'** Murray het na ons oortuiging hiermee

³³ Ds. Huet beskryf noem dat die Kaapse kerke 'dikwyls verkeerdelyk Arminianisme werd gepredikt', en dat die Doppers se 'angstige verkleefdheid aan de oude Calvinistische leer' 'n middel is tot bewaring van 'de Gereformeerde kerkleer' wat anders op baie plekke verlore sou gegaan het.', *ibid.*, p.305

³⁴ Hy moet nie verwar word met Jan-Lion Cachet van die Gereformeerde Kerke nie.

³⁵ Baie belangrik is dit om 'tereg' kennis te neem van dr. van der Vyver se voetnota (528), by hierdie woorde van Cachet: "Cachet dwaal met sy 'en terecht'."

BYLAAG 1: Die Gesange as draer van die valse leer tydens die kerkstryd in die 19de eeu³²

Die weglating van die Dordtse Leerreëls, wat in hoofsaak handel oor die Uitverkiesingsleerstuk, beskou ons as doelbewus. ... Geen wonder dat die algemene versoeningsleer van menige Gesang nie as dwaling onderken en bestry is nie. In lyn hiermee is die leerstuk van die uitverkiesing deur sommige op die kansel van die Kaapse Kerk openlik verwerp en deur ander geheel en al verswyg. Die wat dit openlik verwerp het, die openlik liberaalgesinde predikante, het ook openlik daarvoor uitgekom. So verklaar ds.JJ Kotze dat hy en ander 'de leer der verwerping en verkiesing in art.16 der Nederlandse Geloofsbelijdenis en in art.6,7,10 en 15 van hoofdstuk 1 der Dordrechtsche Geloofsregelen in haar geheel niet kunnen aannemen.' In 1863 doen ds. Kotze 'n beroep op die meer behoudende leraars om te sê 'of zij allen de streng Calvinistische opvatting der praedestinatieleer, gelijk die door onze Kerk wordt beleden... zijn toegedaan.' Was daar iets van waar? Ons kan onmoontlik volledig hierop ingaan, maar volstaan met enkele gegewens.

Die Gereformeerdes het later hieromtrent in hulle openbare verklaring getuig: 'En over het geheel ontbrak ons bij die meest geachte regtzinnigen ook nog de duidelijkheid van hunne regtzinnigheid. Onze onkunde liet ons veel in het donker, maar ons harte voelde, en bij inzage van de Dordtsche Leerregels en dergelijke schriften verstonden wij, dat ook hunne leerwijze meer smaakte naar het Remonstrantsche dan naar het Gereformeerde.' 'n Direkte getuigenis het ons in die persoon van Gert Steenekamp wat soos volg verklaar aangaande 'n onderhoud met ds. Taylor van Cradock: "Ik sprak eens met hem over de Uitverkiesing. Hij antwoordde mij: Gij kunt uw eigen zaligheid uitwerken

van nog meer skrifbelymings, dogmatiese liedere en gesange nie (sien bylaag 3 [p.47] in hierdie verband). Met Dordt se besluit, het ons voorvaders al *Psalmsingende*, hier na SA gekom. Die GKSA het vanaf sy herstigting in 1859, die Gesange afgeweer, en Dordt se besluit gehandhaaf. Eers in die 1930's is besluit, onder beswaar van verskillende gemeentes om die bundel 'Enige Gesange' uit te brei met 'belymde gedeeltes uit die Heilige Skrif,'¹⁷ en daarmee is die grondslag gelê vir artikel KO, artikel 69b, soos dit tans die waenhuysdeur is waardeur alle liedere die kerke ingesing kan word: 'Ander Skrifbelymings wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerkrade gelaat'.¹⁸ Tans is daar alreeds oor die 60 Skrifbelymings wat besig is om die verbondsliedere van die Skrif, die Psalms, te verdring ... en nou het Sinode 2003 ook nog die sing van die

konklusie is dan dat die vaders in 1619 die sing van liedere of gesange behalwe die 150 Psalms van Dawid in die kerk verbied het, nie omdat Gods Woord dit verbied nie (die Bybel verbied dit nêrens uitdruklik nie; maar eis dit ook net so min), maar hulle het dit verbied op grond van hulle ervaring", Aangehaal in Totuis se Versamelde Werke, deel 3: *Die Erediens* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1977), p.444, 445. *Opmerking:* Myns insiens is ds. Venter in lyn met die Dordtse vaders se bedoeling, maar sy stelling 'die Bybel verbied dit nêrens uitdruklik nie' (wat die Luthers-Anglikaanse beginsels van die *erediens* is), is nie in lyn met die Gereformeerde beginsel van die *erediens* nie, naamlik: 'As God dit nie beveel nie, is dit verbode', soos dit bely word in HK, vr.&antw. 96. Dus, omdat God nie die sing van ander liedere (skrifbelymings of gesange) beveel nie (maar slegs die Psalms – die *sola Scriptura* beginsel van die reformatie, toegepas in die sang van die *erediens*), daarom is dit verbode. Sien ook ds. LS Kruger se artikel oor die onkerkregtelike wyse waarop die Skrifbelymings in die GKSA ingevoer is, wat nog in die Reformator-reeks gepubliseer gaan word onder die tema: "Hoe die invoering van die Skrifbelymings in die GKSA die weg gebaan het vir die invoering van die Gesange in die GKSA".

¹⁷ *Handelinge van Sinode 1939*, p.99.

¹⁸ Die Sinode van 1939 word geadviseer in dieselfde sitting "om die deputate vir Psalmberyming op te dra om die belymde Skrifgedeeltes met die nodige gepaste melodieë te voorsien, te groepeer, *veral met die oog op die christelike feesdae*." By implikasie beteken dit dat die genoegsaamheid van die Psalms vir al ons lofsang op alle lewensterreine misken word (NGB, artikel 7), en verder dat die Skrifbelymings vereis word om ons ewillige godsdiens te dien, naamlik feesdae wat volgens menslike tradisies is en nie volgens God se bevel nie (Matt.15:9; sien ook HK, So.35; NGB 32). By implikasie word die genoegsaamheid van die Sondag as Sabbat ook misken en aangetas, en so is die vierde gebod ook in die spervuur (HK, So.38), soos dit ook vandag blyk met Sinode 2003 se wollerige besluite oor die rusdag.

³² Hierdie gedeelte word woordeliks oorgeneem uit GCP van den Vyver, *Dirk Postma 1918-1990* (Potchefstroom: Pro Rege, 1958), p.284-286, beklemtonings en opmerkings in die voetnotas is deur die redakteur bygevoeg. Sien p.14 hierbo vir die doel van hierdie bylaag.

dogmatiese lied, dit wil sê die vrye lied, die sing van Gesange, goedgekeur.¹⁹ Opnuut word die geboorte en bestaansreg van die GKSA aangetas, nl. om God te dien soos Hy beveel, en nie volgens menslike insettinge nie. Die vraag word al hoe meer aktueel: moet daar nog 'n Gereformeerde Kerk van SA wees? Moes daar een gewees het? Moes ons Doppe voorvaders nie maar in die NG Kerk/Herv. Kerk gebly het en net die onregsinnige gesange uitgeweer het nie? Volgens my kennis het ons susterskerke die meeste of al die onregsinnige gesange uit hul sangboeke geweer, is dit nie nou o.g.v. Joh.17 ons dure plig om terug te keer nie ... om dalk verskoning te vra vir die verlede?

Ons reformatoriese voorgangers was van 'n ander oortuiging as die huidige geslag. Ds. LS Kruger skryf as volg:

In Die Kerkbode (NG Kerkydskrif) van 24 November 1954 skryf dr. Jac. J. Muller dat die Gesange weer hersien moet word. Met hierdie verklaring bevestig die hooggeagte doktor van die N.G. Kerk die bogenoemde dwalinge in die Gesangbundel. Daarmee word dan ook ineens verklaar dat die Gereformeerde Kerk nog altyd reg was! Samevattend kan ons dit dus soos volg stel:

(a) Ons eerste beswaar teen die meeste van die Gesange is dat dit suiwer menslike lieder is, en as Gereformeerdes glo ons dat slegs die Woord van God tuis hoort in die erediens. Dit het nie 'n Goddelike oorsprong soos die Psalms nie.

(b) Ons tweede beswaar is dat van die Gesange vreemde stempels dra, soos bv. van die Liberalisme, Rooms-Katolisisme en Remonstrantisme, en dus nie suiwer Skriftuurlik is nie. Om dit dan instemmend te sing beteken om jou met 'n dwaalleer te verenig.

(c) Die derde beswaar is dat dit strydig is met die Skrif en die egte Gereformeerde leer, want ons glo dat in die erediens alleen die geopenbaarde Woord van God gebruik mag word. En volgens Openb. 22: 18 mag ons nie daarby voeg nie. Wie nou 'n vrye lied wil inbring, gee daarmee te kenne dat ons die Skrifliedere as onvoldoende beskou en daarby wil aanvul. Nie alleen sondig ons daarmee teen die Woord van God nie maar ook teen God self deurdat ons daarmee te kenne

redakteur: In die laaste gedeelte van hul geskrif, gaan Totius en prof. Cachet dan voort om 'n paar Gesange van hul tyd krities te bespreek en te ontleed,³¹ en sluit dan af met die volgende woorde:

Ten slotte

Roep ons ons lesers toe: Waak oor die geloofsleer wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Volhard in die spoor van u vaders. Waak ook oor u kinders. Hoewel geen dogma op die skool mag kom nie, en dus ook geen gesang nie, gebruik mense nogtans die skool as instrument om ons kinders meer en meer te wen vir die loon en inhoud van die Gesange.

Daarom, nog eens, waak oor u kroos!

Daarom hou ons vas aan die beginsel wat in die bloeitydperk van ons Gereformeerde Kerke neergelê is: **in die huis van God die woord van God**. Die gemeente van God moet met niks anders as met die kennis van die wil van God gevoed word nie, en hierdie beginsel kom eers tot sy reg as **alle eiewillige godsdiens** uitgebán en die Skrif self weer die inhoud van alle prediking is.

– Totius (Versamelde Werke, deel 3: *Die Erediens*, Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1977, bl.217)

³¹ Daar word o.a. gewys hoe die 'algemene genade vir alle mense' dwaling (dat God gunstig/genadig is oor alle mense), ook in die gesange te vinde was, asook die mens se vermoë om met sy eie hart teen die sondes te stry, en dan skryf hul: 'die Skrif leer (egter) dat God alleen die uitverkorenes in Christus in genade aansien. ... Die Skrif sê dat 'die genadegawe is die ewige lewe deur Jesus Christus onse Here (Rom.6:23)' en dat die hart juis 'ons ongeregtheid is en die Heidelbergse Kategismus o.g.v. Gods woord geen ander redmiddel ken as die wedergeboorte deur die Heilige Gees nie (vr.8)'

¹⁹ *Handelinge van Sinode 2003*, p.645.

onvoorwaardelik durven onderschryf. Er komen wel degelik denkbildes in die bundel voor, die in die weegskaal der kerkelike regtzinnigheid gewogen, veel te licht bevonden worden." (*Gesch. der Vaterlandsche Kerk*, bl.208).

Stel nou hierteenoor die *Vereeniging* se uitspraak dat daar in die Gesangebundel niks onchristelik of ongereformeerde geleer word nie! Maar die *Vereeniging* verstout haarself deur selfs neer te skryf dat: "*al de grote waarheden des Christendoms schitteren er heerlijk en onvervalst!*"

Laat die redakteur maar weer sy Gesangeboek gaan ondersoek, dan sal hy vader de Cock gelyk moet gee as hy sê in sy tevore aangehaalde geskrif "*Wat de deugd van Gods Rechtvaardigheid aangaat, hieromtrent zoekt men tevergeefs den opzettelijke behandeling onder de rubiek van Gods deugden en volmaaktheden?*" (bl.22). Hierdie voorname leerstuk skitter tog nie heerlijk en onvervals nie! Ja, hierdie versuim het nie per ongeluk voorgekom nie, maar strook volkome met die leer van die dag, nl. God is nie so streng regverdig en strafeisend nie. Hy is die liefwade van almal, sodat die 'algemene genade' vry verkondig kan word!

En hierdie versuim is meteens kenmerkend van die hele bundel. 'n Mens moet by die Gesangebundel nie net vra wat dit sê nie, maar veral wat dit verswyg.³⁰ En hierin is sy valse karakter kenbaar. Immers, die Apostel Johannes (2 Joh 10), sê vir ons: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie". Dit is nie genoeg om te ondersoek of 'n valse leer soms ingebring word nie, o nee, die verleiding is gewoonlik fyn, dat 'n mens moet vra of die ware leer nie soms verswyg word nie. En dit is die geval met vele Gesange. Self al is 'n gesang nie onbybels nie, dan kan dit wel in sy verswyging van die goddelike waarheid antibybels wees. ...

Lactantius leer wat waar is: dat ware godsdiens alleen dit is wat verbind is met die Woord van God. En verder, aangesie ons sien dat hulle wat met goeie bedoelings in die donker wandel vergaan, laat ons dit in gedagte hou dat ons 'n duisend sterftes werd is, wanneer na ons verlig is deur God, en dan kennelik en doelbewus afdwaal van die regte pad."

³⁰ Dit is 'n vraag wat aan elke beryming gevra moet word.

wil gee dat die Psalms wat God in Sy Heilige Skrif daargestel het, onvoldoende is.²⁰

Dus, hoekom is u, hoekom is ek lidmaat van die Gereformeerde Kerke, en hoekom het ons voorvaders aangedring op die sing van Psalms alleen in die eredienste?

Mag die bestudering van hierdie teks, ons help antwoorde vind op hierdie en ander vrae, en ons opnuut oproep tot verdere reformasie van die Kerk van Christus, ook vandag, sodat ons in woord en daad kan sing:

"o Koninkryke van die aarde, sing tot eer van God; **psalmsing tot eer van die Here!**" - Ps.68:33.

²⁰ *Waarom is u Lid van die Gereformeerde Kerk?*, Pretoria: Craft Drukkers, 1956, p.143. Lees gerus hierdie boek om opnuut die historiese en prinsipiële begroting van die herstigting van die Dopperkerk te waardeer.

INLEIDENDE OPMERKINGS OP DIE TEKS

1. *Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms?*, is 'n pamflet, geskryf deur prof. dr. JD Du Toit (Totius) en prof. Cachet in die eerste helfte van die 20ste eeu, in antwoord op die *Vereeniging* (die offisiële tydskrif van die 'Ned. Herv. of Ger. Kerk') se aanval teen die Gereformeerde Kerke van S.A., se standpunt aangaande die Psalmsang. Met die lees daarvan, sal die leser opnuut besef hoe uiters relevant en aktueel die inhoud daarvan nog vir vandag is.

2. Die vertaler van die teks, het hom daarvan weerhou om allerlei onnodige moderne veranderings te maak aan die woordgebruik en konsepte wat deur die outeurs gebruik is, en probeer om so trou as moontlik te bly aan die hollandse teks. So is bv. die oorspronklike naam, Gereformeerde 'Kerk', en nie 'Kerke' nie, in die teks behou, en is dit net na die meervoud verander in die hoofopskrifte. Die heelwat hollandse aanhalings is ook behou, en dien as verdere aansporing aan ons mense om ook die taal en teologie van ons nederlandse wortels te herontdek en te waardeer. Dit sal goed wees as ons kinders ook hollands kan lees, veral om toegang te hê tot die rykdom van teologiese bronne.

3. Die vertaler se opmerkings en kommentaar aangaande die teks, kan in die voetnotas gevind word, ook in die verskillende bylaes. Dit is die vertaler se eie menings en verstaan van sake wat hy daarin uitspreek, aangesien die geskiedenis nie net 'n vergete monument moet wees nie, maar ons moet inspireer tot diens aan God en Sy Kerk, vandag en in die toekoms.

4. Daar moet natuurlik rekening gehou word met die feit dat die teks 'n spesifieke situasie in hul tyd aangespreek het, maar die waarhede en beginsels waaroor dit gehandel het, is vandag nog dieselfde, en het intendeel nog meer toegeneem. Ons leef in 'n tyd wat die poorte van die hel, letterlik los is in 'n poging om die GKSA te vernietig. Mag ons deur die geloof vashou aan die Fondament wat reeds gelê is deur Christus en Sy Woord, en soos dit histories ook aan ons oorgelewer is via die Reformasie van die 16de eeu, asook die 18de eeu in ons land.

5. Sinode 1939, wat hierbo genoem is, is tydens dieselfde sinodesitting wat die Skrifberymings verwelkom het in die Dopperkerk – vermoedelik deur die beswaardes teen die Skrifberymings - geadviseer oftewel

en niemand sal seer maak nie, streef hierdie manne.²⁸ Tog, Op't Holt is partydig, sou teengewerp kan word, want hy is 'n teenstander van die Gesange. Laat ons daarom ook onpartydige getuies inroep.

Die bekende christen-staatsman, Groen van Prinsterer, sê dat die gesangbundel "*het teken draagt van velerlei loslating van het kenmerkende der geloofsleer.*" De Hervormde predikant, dr. GJ Vos Azn, wat 'n sterk teenstander van Dr. A Kuyper en die dolerendes was, wat waarlik deur niemand van partydigheid vir die Gesange kan beskuldig word nie, sê:

Wij hebben geen reden aan de goede trouw der verzamelaars te twifelen.²⁹ Maar wij zouden toch hunne verklaring niet

²⁸ Die teologie in die algemeen en die sang in die erediens word ook vandag deur die ekumeniese tydsges en die menseregtekultuur gemanipuleer, soos dit bv. openbaar in die anti-verbondsbekouing; anti-wraakpsalms, anti-God se skeppingsordeninge, ens.

²⁹ Dit gebeur baie dat in ons ywer om goeie dinge te doen, ook al is dit vir die kerk, ons ongehoorsaam kan wees. Ons dink ons goeie bedoelings of ywer, verskoning ons ongehoorsaamheid en word baie ontstoke as ons werk aangespreek word. Dit is egter nie ons ywer of goeie bedoelings, of die geskiedenis wat die norm is van ons leer en lewe nie maar alleen die Goddelike Woord (sien o.a.: HK, vr&antw.91). Paulus getuig van Israel in Rom.10:2, "dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis." In hierdie gedeelte (Rom.9,10) gaan dit spesifiek oor die Jode wat 'n valse geregtigheid opgerig het los van God se Woord, en sodoende 'n valse godsdiens aan die mense oorgedra het, wat nie eindig in Christus soos die Wet en Profete self van getuig het nie (v.3,4; sien bv. Ps.110). Calvyn se kommentaar en toepassing uit hierdie gedeelte is treffend: "Laat ons hieruit leer waarheen ons goeie bedoelings ons mag lei, as ons daarvoor buig. Dit is 'n algemene gevoel dat di 'n goeie en gepaste verskoning is, wanneer iemand tereggewys word, dat hy voorgee dat hy geen kwade bedoelings gehad het nie. En hierdie voorwendsel word deur baie onderhou vandag, sodat hulle nie hul verstand gebruik om die waarheid van God te soek nie, want hulle dink dat alles wat hulle doen deur onkunde, sonder enige voorafbeplande kwaadwilligheid, en met goeie bedoelings, verskoonbaar is. Maar geeneen van ons sal die Jode verskoon vir die kruisiging van Jesus nie, vir hulle vervolging van die Apostels, en vir hulle poging om die Evangelie te vernietig nie, en tog het hulle dieselfde verdediging as dit waarin ons selfversekerd roem. Weg daarom met hierdie leë verskonings aangaande goeie bedoelings. As ons God opreg soek, laat ons dan die pad volg waarvolgens ons alleen by Hom kan kom, want dit is beter, soos Augustinus dit stel, om eerder mank te loop in die regte pad, as om met al ons krag van die pad af te hardloop. As ons werklik godsdienstig wil wees, laat ons daarom onthou wat

liberalisme) deze richting van het 'juiste midden' kende geen genade, waar het de rechterzijde gold (het Calvinisme).

Prof. Bavinck skets die Nederlandse rasionele supranaturalisme van die begin van die 19de eeu, soos volg (Theol. Richtingen in Tijdschrif van Ger. Theol. '94, bl. 163 vv.):

Die richting is niet moeilijk te beschrijven: zij munt door oppervlakkigheid uit. Zij wilde niet ongelovig zijn, o neen, zij hield de godsdienst in ere, zij was vroom, zij schatte bijbel en chistendom hoog ... Het was een samenvoegsel van een oppervlakkige christelijke waarheden, die niet uit de diepte der Schrift waren geput en aan de kracht der Gereformeerde belijdenis ten enenmale waren gespeend; een populaire godsdienstleer, welke God veranderde in het Opperwezen, Christus in een leeraar, de mens in een verstandswesen, zonde in zwakheid, bekering in verbetering, heiligmaking in deugd ... Geen wonder, dat deze richting, die altijd de mond vol had van verdraagzaamheid, terstond hare gematigdheid en kalmte verloor, als het de Gereformeerde theologie en de Gereformeerde vromen gold.

Wie nou in die lig van hierdie kenmerkende uitsprake die Gesangeboek deurlees, sal maklik daarin die tyd vind waaruit dit afkomstig is. Op't Holt sê dan ook:

"Van de oude instellingen niet alleen, maar ook van de oude leer was niets voor het nieuwe proefhoudend, uitgesonderd alleen woorden en uitdrukkingen, die men, om de schadelike nieuwigheden te dekken, nog zou kunnen gebruiken. Het volk was nog het Dordtse leerbegrip toegedaan en hoe dat niet af te keren, maar deelgenoten te maken van de grote verlichting der aangebrokene verlichte eeuw, dat was de vraag. De kerk moest andermaal hervormd worden, maar ditmaal beter dan in de dagen van Luther en Calvijn: dat God is aller mensen liefderijke Vader, dat de mens ontaard maar niet verdoemelik en verloren, in Jezus gelovende en op diens voorbeeld het pad der deugd betredende, op weg ter gelukzaligheid is. Dat was het evangelie en moest de inhoud der evangeliese gezangen zijn. Men moes daarom verzen, liederen, gezangen van zulk 'n woordenkeus en van zulke uitdrukkingen dat zij niemand afstootten en 't verlichte doel bereikten, dat elk dezelve zou kunnen zingen, vlees en geest, het kind Gods en het kind der wereld, de achterblijvende domper en de verlichte (De Evang. Gez. den Oorlog, bl.11).

'Nie te veel gereformeed en nie te veel ongereformeed nie', was die leuse van die versamelaars. Na 'n waarheid sonder hoeke, wat rond is

versoek "om die verweerskrif *Waarom zingt de Geref. Kerk alleen de Psalmen?* deur prof. Jan-Lion Cachet en dr. JD Du Toit in 1919 uitgegee, in Afrikaans opnuut te laat publiseer".²¹

Die sinode se reaksie?

"Die voorsitter bring hierdie voorstel in stemming en ten gunste daarvan stem slegs enkele broeders."

Graag probeer hierdie vertaler aan hierdie 'enkele broeders' se versoek voldoen, met gebreke en al, en wil so hul ook as voorgangers gedenk vir die goeie stryd wat hul gestry het vir die handhawing van die gereformeerde beginsel vir die sang in die erediens. Mag die huidige en toekomstige geslag ook daarin getrou gevind word.

Die redakteur
Slabbert Le Cornu

*Hy wat hom besig hou
met die geskiedenis, stel
belang in die toekoms.*
- dr. RJ Rushdoony

²¹ *Handelinge van Sinode 1939*, p.99.

Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms?

deur

prof. dr. JD Du Toit (Totius) & prof. Jan-Lion Cachet

Inleiding

Daar is twee redes, wat ons aanleiding gegee het om hierdie skrywe tot u te rig en daardeur kortliks die vraag te beantwoord:

Waarom sing die Gereformeerde Kerk alleen die Psalms?

Die *eerste rede* is dat die staatskole op verskillende plekke gebruik word as 'n gerieflike middel om ons kinders aan die sing van die Evangeliese Gesange te wen, en so, indien moontlik van hul ouers se standpunt af te trek. Dit gaan hier soos dit in Nederland gaan. Daarom roep ons ook saam met Op't Holt uit:

Gereformeerde volk van Nederland (lees Suid-Afrika), wees op u hoede en wees bewapen! Vroeër het mense probeer om die evangeliese gesange aan u op te dring in die *kerk*, tans is dit op die *skool*.

Die ander rede is, dat 'n inleidingsartikel in die *Vereeniging*, die offisiële orgaan van die Ned. Herv. of Ger. Kerk, gerig is teen die standpunt van die Gereformeerde Kerk, i.v.m. Psalmsang; opnuut hierdie ou stryd weer aangewakker het, en verskillende korrespondensies in ons Kerkblad uitgelok het, sodat die vraag weer vanself opgestaan het:

Waarom sing die Gereformeerde Kerk alleen die Psalms?

Van verskillende kante word met aandrang die versoek tot ons gerig om opnuut die standpunt van die Gereformeerde Kerk in hierdie opsig aan die lig te stel, omdat ook die jonger geslag, met die stryd van die vadere min of meer onbekend is, en daarom moet verneem wat die Gereformeerde Kerk as haar standpunt gehandhaaf het en as haar oortuiging bely het.

In hierdie boekie van 64 bladsye, staaf hy met menigvuldige aanhalings wat hy in die titel beweer, nl. dat die Gesange strydig is met die Gereformeerde leer en met Gods Woord. Dieselfde verskynsel openbaar hom ook hier in Suid-Afrika. Die vaders van die Afskeiding, wat van die regsinnige 'outeurs' deursuur was, voel maar te goed dat die Gesange 'n ander leer bring. En ook hul teenstanders hou met hul beswaar rekening; vandaar dat ds. Murray, snr., na Colesberg kom met die voorstel: "dat de jongelieden, die lidmaat zouden worden, een belofte moesten afleggen, dat de Evangeliese Gezangen de ware leer is." (zie prof. Cachet, *Eenige Opmerkingen*, blz.48).

Dat die *Vereeniging* egter teen al hierdie feite in kan verklaar dat daar by ons geen beswaar is teen die leer van die Gesange nie, is onbegryplik, indien die blad maar enige moeite gedoen het om met die Gereformeerde standpunt kennis te maak. Die feit bly egter staan dat een van ons 5 hoofbesware teen die lieder, juis die *leer* is, wat dit bevat. Op hierdie punt wil ons nou ingaan.

Om nou die inhoud van die Gesange te kan begryp, moet ons eers wys op die tyd waarin dit versamel en opgestel is. Prof. Geesink (Beknopte Overzicht ens., bl. 13 e.v.) sê:

Wel was het gereformeerde beginsel uit de kerken nog niet geweken, en telde men onder de predikanten en oefenaars nog tal van mannen, die de belijdenis der kerk van harte waren toegedaan; wel was een goed deel van de kleine burgerij den grote steden en de plattelands bevolking aan haar gehecht, doch de grote meerderheid der predikanten en der hoogleraren aan de drie Hogescholen en de athenaea, de toongevende kringen, onder de gereformeerde naam 'verkapt remonstrants.' De theologie van de dag was ... rationeel supranaturalisme (een soort *redegodsdiens*) ... Heilzoekend in het 'juiste midden', was zij echter afkeriger van het gespierde Calvinisme²⁷ der vaderen dan van het al te stoutte liberalisme ... Doch hoe toegevend ook voor de linkerzijde (het

²⁷ Die 'gespierde calvinisme' het seker verwys na die gereformeerde leer, soos dit vasgestel is deur die 'drie kanonne' (nie windbukse nie!) van die Sinode van Dordt (1618/19), naamlik *die Nederlandse Geloofsbelijdenis*, die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtste Leerreëls*. Dit is veral laasgenoemde wat die gelowige 'n 'gespierde' borskas van die geloof gee (Ef.6:10-20), om die vyandige pyle van die postmoderne humanisme en die arminiaanse metodisme vandag suksesvol af te weer!

Is hierdie houding van die oudste christelike kerk,²⁶ vandag ook die houding van die wat hulle op die eerste christene beroep maar tog lief die Gesange sing?

Die suiwere leer en die Gesange

Noudat ons die geskiedenis geraadpleeg het, sal ons nou daartoe oorgaan om te ondersoek wat die *leer* ons aangaande hierdie saak leer.

Die *Vereeniging* stap heel gemaklik oor hierdie kwessie, deur te verklaar:

Laat goed verstaan zijn dat er niet door de Gereformeerde Kerk geobjecteerd wordt tegen de Gezangen, als bevattende valsche leer — onchristelijk of ongereformeerd. Want zoodanige valche leer is daarin niet te vinden." (IX. 3).

Hoe iemand die posisie van sy teenstander kan aanval sonder om eers die posisie onder oog te hê en eers te verken, is vir ons eenvoudig onbegryplik. Dit is egter wat die *Vereeniging* doen. Daar word eenvoudig beweer dat die Gereformeerde Kerk geen beswaar het teen die *leer* van die Gesange nie, terwyl dit juis een van haar hoofbesware is!

Wat is die feite?

Teen die leer van die Gesange bind Jacobus Klok in 1834 die stryd aan, toe die Afskeiding in Nederland plaasvind. Ook ds. H de Cock, die vader van die Afskeiding doen dieselfde. Sy geskrif is getiteld:

De zoogenaamde Evangelische Gezangen, de oogappel der vervoerde en verleide menigte in de Synodaal Hervormde Kerk, ja zelfs nog van sommige van Gods kinderen uit blindheid, en omdat zij dronken geworden zijn door de wijn harer hoererijen, nader nog getoetst, gewogen en te ligt bevonden, *ja strijdig met al onze Formulieren van Eenheid en Gods Woord*, door H. de Cock, Gereformeerde leeraar onder bet kruis om Jezus Christus wil, van Ulrum.

²⁶ Dit was ook die houding van die 16de en 17de eeuse reformatoriese kerke en konfessies.

Allereers sal ons die geskiedenis oproep om in hierdie kwessie getuie te gee, en daarna sal 'n paar argumente aan die leer ontleen word.

In die geskiedenis

"Die Gereformeerde Kerk word onder Psalmgesang gestig."

Dit is die woorde van Prof. Doumergue, Calvyn se bekende lewensbeskrywer, woorde wat so waar is. Luther voer die gesange in die kerk in, maar Calvyn volg hom nie daarin nie. Die gesange wat Calvyn invoer, was die *Psalms*, en daarvoor gee hy die volgende redes:

Wat Augustinus gesê het is waaragtig, dat iemand slegs iets kan sing wat God waardig is, wat hy ook van God moes ontvang het. Daarom sal ons ook *na ons orals gesoek en nagespeur het*, geen beter lieder vind, wat meer geskik is as die Psalms van Dawid, wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. As ons dit sing, is ons seker dat God self die woorde in ons mond lê, asof Hy in ons sing, om sy eie eer te verhoog.

Hierdie keuse van Calvyn was dan ook beslissend vir die Gereformeerde Kerk in Holland. Die sinode van Wesel 1568 besluit dat hul "zou onderhouden de Psalmen van Dathenus overgezet" (berymd) en geen andere beryming sou gebruik nie. So ook die sinode van Dordrecht 1574 en 1578. Ook die van Middelburg 1581 en 's Gravenhage 1586 besluit dat in die kerke geen gesange gesing sou word wat nie in die Skrif gevind word nie. Die groot sinode van Dordrecht 1618/19 kry met die eintlike gesangekwessie te doen. In die noorde van die land sing mense allerlei gesange en in Utrecht poog sekeres, *onder Remonstrantse invloed*, 'n bundel gesange in te voer. Daarop besluit die Sinode:

In de kerken zullen alleen de 150 Psalmen Davids, Tien Geboden, het Onze Vader, de 12 Artikelen des Geloofs, de lofzangen van Maria, Zacharias en Simeon gesingen worden. Het gezang: 'O God, die onze Vader zijt,' wordt in de vrijheid der kerken gelaten, om het te gebruiken of niet. Alle andere gezangen zal men uit de kerken weren en waar er reeds enige ingevoerd zijn, zal men ze met de voeglijkste middelen afschaffen," (D.K.O. art.69.)

"Hiermee is," sê Prof. Biesterveld, "vir ons wat onder die Dordtse Kerkorde lewe, hierdie kwessie beslis, tensy 'n sinode anders besluit, wat egter nie te verwag, of hopelik verwag word nie." (*Gereformeerde Kerkboek*, bl. 50).

Aangesien hierdie besluit nie deur 'n latere nasionale sinode verander of vernietig is nie, hou die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika haar daaraan:

De Synode der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika stelt vast, overeenkomstig art. 69 harer (Dordtse) kerkenorde, dat bij de openbare godsdienst alleen zullen gezongen worden de 150 Psalmen Davids en de gezangen waarvan de tekst in Gods Woord staat uitgedrukt, nl. de berijming van de Tien Geboden tot en met de gebed des Heeren. Wel te verstaan, de berijming van 1773 door de Gereformeerde Kerk in Nederland vervaardigd en in gebruik genomen." (*Sinode Bepaling*, p.92)

Wat die beryming betref, het die Gereformeerde Kerk hier die gebruik van die 1773 beryming goedgekeur. En daartoe het sy die vryheid en reg, aangesien die Dordtse sinode haar tereg aan geen bepaalde *beryming* gebind het nie. Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika is hier tewens van alle sogenaamde bekrompenheid vry te spreek, deurdat sy die *beste* beryming van die Psalms aangeneem het, hoewel dit van die nuwere tyd was. Ons sien dus dat die standpunt van die Gereformeerde Kerk nie so bekromp en onhoudbaar is, as die *Vereeniging* (ix, 3) dit graag probeer laat deurstraal nie, geen 'ongegronde vooroordeel' is nie, maar inteendeel *die enigste geskiedkundige moontlikheid vir 'n Gereformeerde Kerk is*.

Dit is opmerklik dat die vier kerkgroepe wat in Holland, Amerika en Suid-Afrika in die 19de eeu tot die Dordtse Leer en Kerkorde terugkeer, offisieel *die Gesange afskaf*, terwyl die sogenaamde Gereformeerde kerkgroepe, wat die Dordtse Kerkorde vaarwel sê en losser omgaan met die Gereformeerde Leer, *'de Gesange behielden.'* Prof. Biesterveld se woorde is waar:

Het is altijd een slecht teken te achten, dat de warme voorstanders van gezangen gewoonlijk werden gevonden in de kringen van hen, *die niet of minder zuiver waren in de leer*.

Ja, die geskiedenis het meer om te bewys. Haar onwraakbare getuienis is dat geen kerk streng gereformeerd gebly het, wat die gesange gebruik het nie. Daar was steeds 'n wisselwerking. Die losheid in de leer roep om die gesange, en die gesange roep om die losheid van die leer. Die geskiedenis het dus die keuse van ons vaders geregverdig, en ons treur nie met soveel ander, wat meen dat die ou vaders ons 'n grote

55, Ef.5:19, Grot. vergelijkt de improvisatoriese (voor de vuist uitgesproken) liederen van Simeon, Debora e.a."

Ook die bekende *Geschiedenis van de drie eerste Eeuwen der Christelijke Kerk* door De Pressensé, gee dieselfde getuienis op bl.608:

Heeft iemand een Psalm, dat hij hem doe horen, zegt de Apostel, 1 Kor.14:26; Ef.5:19; Kol.3:16. Hier is blijkbaar sprake van een *nieuwe gezang dat door de Geest Gods aan een lid der vergadering ingegeven werd*.

En dat hierdie genoemde lied saam met die ander wondergawes -wat gegee is om die gemeentes te grondves- sedertien verdwyn het, getuig dieselfde skrywer in die volgende woorde:

Er is geen enkel gedenkstuk van die eerste Christelike psalmen overgebleven, omdat ze evenals hare gebeden uit volkomen vrije beweging des gemoeds voortkwamen en zich in die dagen van waarachtige bezieling in het overvloedige vermenigvuldigden.

Dieselfde beweer prof. Heyns in sy *Liturgiek*, waar hy onder meer opmerk:

Wie bij zulk 'n opvatting van deze tekst (1 Kor.14:26 en Ef.5:19) er een *gebod* uit zou willen lezen, om in onze godsdienstoefeningen gezangen te zingen, zou voorbijzien, dat de daar bedoelde wondergaven nu verdwenen zijn.

Met hierdie getuienis van manne wat vele verskillende rigtings verteenwoordig, sal die leser duidelik sien dat die beroep op genoemde tekste *onhoudbaar* is. Ten oorfloede word dit in hierdie tekste gesê dat hierdie Heilige Gees ingegewe lieder is, wat tot die wondergawes van die eerste gemeentes behoort het, en ook saam met die wondergawes in sy geheel verdwyn het. Tevergeefs soek die voorstanders van die gesange wat later gemaak is, in hierdie tekste krag vir hul eie standpunt. As die mense dan vra, maar wat is gesing na die verdwyning van die wondergawes, dan is die antwoord, dat alleen met sekerheid gesê kan word: die Psalmbundel was die 'liefingsboek' in die oudste christelike Kerk (vgl. prof. Kruyf, *Liturgiek*, p.85).

3. Die verklaring van 1 Kor.14:26; Ef.5:19 en Kol.3:16

Ten laaste, argumenteer die *Vereeniging* dat die standpunt van "Psalms alleen", nie in die Bybel gebied word nie. Intendeel, so gaan die blad voort, staan daar in die Bybel dat ons onder mekaar moet spreek in psalms, gesange en ander geestelike lieder. Hier word dus verwys na 1 Kor.14:26, Ef.5:19 en Kol.3:16. Die vraag is egter of hier -wat vir die blad 'n uitgemaakte saak blyk te wees- van Gesange gepraat word in die gewone opvatting van die woord. Ons glo dat hier gespreek word van *geïnspireerde (onmiddelik deur die Heilige Gees ingegewe) lieder*, wat tot die wondergawe (charismata) van die eerste gemeentes behoort het - en ons sal poog om te bewys wat ons beweer.

Dit is eenvoudig ondenkbaar dat die Christene in die vroeë tyd reeds lieder besit het, om gereeld by die openbare eredienste te sing. Van die Nuwe Testament, het toe slegs enkele stukke reeds bestaan en was dit ook nie in die algemeen vir gebruik beskikbaar nie. Daarom was die wondergawes in die vroegste tyd absoluut noodsaaklik om aan te vul wat ontbreek het en was onder meer die openbare diens in vele gevalle 'n onmoontlikheid. So word ook die lied deur die Heilige Gees *in* die saamvergadering ingegee en gesing, soos dit blyk uit 1 Kor.14:26, waar die 'psalm' by die ander buitengewone gawes genoem word. Die lied wat in Ef.5:19 en Kol.3:16 genoem word, dra dieselfde karakter as die een van 1 Kor.14:26, alhoewel hier drie benaminge gebruik word, wat egter nie drie streng afgeskeie begrippe uitdruk nie.

Hierdie verklaring van 1 Kor.14:26, vind 'n mens ook by prof. Godet:

Het is daarom een psalm, gelijk die waarvan gesproken wordt in Kol.3:16 en Ef.5:19 (*psalmen, gezangen, geestelike zangen*); een zingen *en noi*, met helder verstand (vs.15). Het schijnt mij onwaarschijnlijk toe, dat Paulus het oog heeft op een Oud Testamentiese psalm of een reeds bestaand Christelik gezang, gereciteerd of gezongen. Het woord *echein* hebben, verhindert niet dat het een *improvisatie* (iets dat voor de vuist wordt voorgedragen) is. Want, gelijk door Holsten opgemerkt is, wordt de term later gebruikt bij een *tong* (vreemde taal) en haar *uitlegging*, welke rechtstreekse uitwerkselen zijn van des Geestes werking.

Met hierdie verklaring, stem dié van prof. Heinrici ooreen (sien Meyer kommentaar op 1 Kor.14:26): "Het verstandig lofzingen, hetwelk met de *nous* (verstand) geschiedt wordt bedoeld (vgl. vs.15). vgl., Heinrici I

ondiens aangedoen het nie, deur beslis te kies *vir* die Psalms en *teen* die Gesange. Intendeel, bewonder ons die diepe insig wat hul gehad het tot in die verre, verre toekoms. Ons bewonder die profetiese blik van 'n Calvyn; van 'n Filips van Marnix, wat reeds in die 16de eeu hom teen die invoering van Gesange verklaar het, uit "vrees dat deur die invoering van feilbare mensewerk skadelike dwalinge in die kerk sou kan insluip."

Psalms en gesange

Teen hierdie oortuigings van ons vaders, word verskillende bedenkinge ingebring:

Die Gereformeerde Kerk beweer dat die Psalms van goddelike oorsprong is, en daarom kry dit die voorkeur. Toe een van ons dit by 'n feestelike geleentheid van die Gereformeerde Kerk aanraak, kom die *Vereeniging* daarteen in verzet met die volgende woorde:

Maar die Gesange is ook van goddelike herkoms, elke evangeliese gedig is dit. Dit is die Heilige Gees wat die digter die waarhede ingee wat hy in sy lied opneem (LX, 9).

Hier is dus die hoogste woord uit. Om die Gesange te verdedig, word beweer dat dit deur die Heilige Gees *ingegee* is. Gevolglik staan die Gesange gelyk met God se Woord! Want, let wet, die Gereformeerde Kerk het nooit geleer dat die Psalm *beryming* ingegee (geïnspireerd) is, maar alleen die Psalms self. Ons maak 'n onderskeid tussen *ingewing* (inspirasie) wat alleen aan die Bybelskrywers ten dele geval het, en *verligting* (illuminasie), wat 'n gawe is wat aan alle gelowiges geskenk is.

So kom mens dan daartoe om die Gesange selfs hoër as die berymde Psalms aan te slaan, want terwyl die Psalms self deur die Heilige Gees ingegee is, vra ons vir die beryming geen hoër eer as dat dit onder verligting van die Gees tot stand gekom het nie. Die Gesange, volgens die *Vereeniging*, is egter ingegee en staan dus gelyk met die Bybelboeke!

Die leerling gaan egter gewoonlik verder as sy leermeester. Terwyl die versamelaars van die Evangeliese Gesange in hul voorrede nog erken dat: "*die Psalms dit boven alle andere dichtstukken vooruit hebben, dat zij van goddelike herkomst zijn,*" sê hul volgelinge tans: "*neen, de*

*Psalmen hebben dit niet boven alle andere dichtstukken vooruit, want de Gezangen zijn ook van goddelike herkomst!*²⁵ Sou die redakteur van die *Vereeniging* bogenoemde geskryf het, as hy eers die voorrede van die Gesange gelees het?

Inderdaad is die verheffing van die Gesange bo die Psalms 'n treffende bewys van die groot geestelike oppervlakkigheid van ons dae. Nie eers die invoerders van die Gesange self, dink so daaroor nie. Dr. Bennink Janssonius, 'n verdediger van Gesange, sê:

Het psalmboek bleef steeds volgens hetgeen er door mannen als Jorissen, Van den Berg, Feith geschreven werd, de plaats der ere behouden. De gezangen zouden bij de openbare Godsdienst gebruikt worden maar - nevens het boek der psalmen. Bij het aanbieden van het gezangboek verklaarden de afgevaardigden dat de psalmen dit boven alle andere dichtstukken vooruit hebben dat zij van goddelike herkomst zijn en zij gaven hiermee hun overeenstemming te kennen met de voorgangers die de voortreffelijkheid der psalmen boven alle andere liederen op deze grond zo sterk hadden uitgesproken.” (*Gesch. Kerkgezag*, bls. 238).

Tog ook hierdie les het die geskiedenis ons geleer, dat orals, ook in Suid-Afrika, waar gesange ingevoer word, “die Psalms eers teruggedring en daarna opsy gesit word,” soos prof. (W) Heyns dit gestel het. En daarom verwonder ons ons nie veel oor die buitensporige hulde, wat die *Vereeniging* aan die Gesange bring nie. “De vraag is, ” zo gaat prof Heyns voort,

of wij de gouden kleinooden van David er voor missen willen, of wij ze daarvoor willen inruilen, want de geschiedenis heeft genoeg bewezen dat het daarop neerkomt... En buiten dit alles, waar is nog de Gezangenbundel, die het bij de Psalmen halen kan in die toon des geloofs, die uiting van godzaligheid, van diepe verootmoediging, hooggestemde jubel en verheerliking Gods, van de diepten van het gemoedsleven?” (*Liturgiek*, bl.129)

Die 'Christelikheid' van die Psalms

Verder bekla die *Vereeniging* dit dat “*de Gereformeerde Kerk nog zingt niet christelik, niet nieuwtestamenties is; het is israelieties en oudtestamenties. Waar het NT over Christus roept: Hem zij de heerlijkheid in alle eeuwigheid, is het Psalmboek stom.*”

Die verskil, waaroor die Vereeniging so klakkeloos heen stap, word deur dr. B. Janssonius, 'n sterk voorstander van die Gesange, wel deeglik erken en eerbiedig. Hy sê:

De nauwkeurige lezer zal zonder twijfel in de gezangen meer dan éene dichterlike zonde vinden, terwijl hij aan de schone dichterlike vorm, waarin der oude Israetiese psalmdichters zijn aangeboden, ene ongeveinsde hulde toebrengt. Maar men zij hier rechtvaardig. *Bij de psalmberijming had men enkel te zorgen dat de dichterlike denkeelden die men in de Hebreeuwse liederen vond, in een waardig kleed werden gehuld.* (A.w. bl.265).

Die bedoelde onderskeid moet dus vir almal duidelik wees. Die psalmberymmer neem die groot gedagtes van die Heilige Gees oor, en sy werk is slegs om vir die digterlike vorm te sorg; terwyl daarteenoor die digter van godsdienstige liedere voorspin aan die draad van wat ook alles uit sy eie gemoed voortkom.²⁵ Juis daarom is dit dat die meeste Gesange so sleg daarna uitsien, in vorm en inhoud. Vandaar ook die opmerklige verskynsel dat onder die talle geestelike liedere, daar miskien 50 is ... wat werklik letterkundig goed genoem kan word. Laat ons daarom hierdie gedeelte afsluit met nog 'n aanhaling van Janssonius, aangaande die psalmberyming:

Sedert bijna twee eeuwen was daartoe door verschillende dichters ene ongelooflike moeite aangewend om het uiterlike met het innerlike zoveel mogelijk in overeenstemming te brengen. Hoeveel zorg had van Marnix zich daarover niet reeds getroost. En hij werd gevolgd door 'n grote schare van berijmers, die telkens voordeel deden met hetgeen hun voorgangers hadden geleverd, hun gebreken zochten te vermijden en hun schoonheden over te nemen. Ghijsen (zijn bundel was samengesteld uit 17 van de oudste berijmingen) bracht de keur van hetgeen zijn tijd had opgeleverd, bijeen en het kunstgenootschap: Laus Deo Salus Populo, zowel als Voet met zijn vriendenkring hadden alle krachten verenigd, om de psalmberijming te doen beantwoorden aan de eisen van de geest huns tijds die met angstvallige zorgvuldigheid en onvermoeid geduld ieder regel, ieder woord wikte en woog en polijste en beschaafde, totdat er eindlik aan de vele eisen voldaan was.

²⁵ Psalm 14; Jer.17:9; Matt.15:19; Rom.3: 10-19; ens., moet ons opnuut waarsku om nie ons eie liedboek uit te dink vir die lofsang aan God nie.

Psalms is ook vir die *heidene* bestem, meer as enige ander lied, juis vanweë hut algemene karakter.²⁴ Hier is dit ook leersaam wat Prothero meedeel van 'n "edel Saraceen, bekeerd door het gezicht van het Godslam, die zich een Christelik leeraar zocht, *de Psalmen uit het hoofde leerde*, en naar zijn vaderland terugkeerde om het geloof van Christus te predik" (bl. 24).

Tot die verdere gerusstelling van die gemelde blad, wil ons byvoeg dat haar wens: *'o moge het spoedig geschieden dat de Gereformeerde Kerk christengemeenten onder de heideenn sticht'* reeds lankal in vervulling gegaan het! En dat in die gemeentes, met de grootste stigting, die Psalms gesing word.

Die beryming

'n Derde beswaar teen ons standpunt, word deur die *Vereeniging* soos volg geformuleer:

"Zo dan, als de Gereformeerde Kerk de berijmde psalmen zingt, zingt zij woorden waarvan 8 uit 10 niet geïnspireerd - zeg liever - niet bijbelwoorden zijn."

Hierdie argument hou egter nie steek nie, as dit die bedoeling is om die goddelike herkoms van die Psalms te betwis, en dit neer te haal tot die lae vlak van die gesange. Daar bly nou eenmaal 'n radikale verskil bestaan tussen 'n lied wat die vrye uitvloeïing is van die digterlike gemoed, en die beryming van 'n psalm, wat slegs in rym en maat weergee wat reeds in die leespsalm voor die hand liggend is.

²⁴ Ds. LS Kruger berig van die swartman, Dawid, wat diep onder die indruk van ds. Dirk Postma se prediking gekom het, en ook evangelisasiewerk onder sy eie mense gedoen het. Hy skryf verder: "Toe Dawid by 'n volgende geleentheid ds. Postma weer hoor preek het (waar hy gewoonlik in die skure van die burgers opgetree het), het 'n ou man hom verwyt en gesê dat ds. Postma dan nie Gesange laat sing nie. Die grys ou jong (Dawid) het daarop geantwoord: 'My baas, dis niks. Jy sien die boer die maak so 'n klein gaatjie by die bult, hy kry bietjie water, die water loop so 'n klein straaltjie in die klein dammetjie. So hy is die Gesang. Maar jy sien, die reent die kom somaar oor die bult en berge en valleie en staan somaar oral vol. So hy is die Psalm.'" *Ibid.*, p.65.

Ag ja, ons vaders was tog sulke eenvoudige mense, dat hulle volgens die *Vereeniging*, nie daarvan bewus was nie! Maar nee, dit was manne wat opgevoed was in die lydingskool wat waarlik nie nodig het om by ons goddelose 20ste eeu te leer nie! Datheen, die oue berymer van die Psalms, sê in sy voorrede dan ook:

dat alles wat tot het rechte geloof, tot een godzalig leven, tot geduld en lijdzaamheid van node is, in Davids psalter is te vinden, zodat deze met recht een kleine Bijbel mag genaamd zijn."

Datheen beroep hom verder op die woord van die kerkvader Athanasius, wat leer:

dat al die artikels van ons christelike geloof, naamlik van die enige, ewige, oneindige, goddelike Wese, van die drie-eenheid van die Persone, van die ware goddelike en menslike natuur van Christus, van Sy lyding, sterwe, begrafnis, neerdaling na die hel, ens., in die Psalms van Dawid grondig, klaar geleer, en bevestig word.

Wie dus sy Psalmboek ken, weet maar te goed hoe van al hierdie dinge heerlijk gesing word in die 'klein Bybel.' Hoe vreemd was dit dan nie ook gewees om van die redakteur van die Vereeniging te moes lees nie: "*Als men de Gereformeerde Kerk zou toeroepen: Gij verbiedt dat men de Christus 'Gods love' - wat zou zij kunnen antwoorden?*"

Wat sou ons antwoord? Wel, dat die redakteur wat so ingenome is met sy Gesange, hom blykbaar nie herinner aan die bekende verse van Ps.118:13 nie:

Gezegend zij de grote Koning,
Die tot ons komt in 's Heeren naam!
Wij zegnen U uit 's Heeren woning;
Wij zegnen U al te saam.

Maar die *Vereeniging* gaan nog verder en dig ons toe: "*Gelijk in de hemel gezongen wordt, wil de Gereformeerde Kerk niet.*" Die redakteur sou dit nie geskryf het nie, as hy maar sy Bybel oopgemaak het en daarin ondersoek het wat wel in die hemel gesing word. Wat word in die hemel gesing? Die kort inhoud daarvan vind ons in Op.15:3: "Hulle het die lied van *Moses*, die dienskneg van God, en die lied van die *Lam*, gesing." Is dit nie ook te *Ou* Testamenties en te Joods nie? Want Moses

is die middelaar van die Ou Testament en 'n Lam laat 'n mens tog te veel dink aan die *Mosaïese* offerdiens! Lees egter verder wat daar staan in Op.15:3,4. Die woorde van die lied van Moses en die Lam word daar gegee:

Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtig;
regverdig en waaragtig is u weë,
o Koning van die heiliges!
Wie sal u nie vrees nie, Here,
en u Naam nie verheerlik nie?

En waaraan is hierdie woorde ontleen anders as aan die sogenaamde 'ouderwetse, Israelitiese, nie-Christelike' Psalms (111:2;139:14;145:17)! Sal die *Vereeniging* nou nog wil volhou, dat ons *nie sing wat in die hemel gesing word nie?* En sal die blad nou nog enige waarde heg aan sy ander teenwerping, wat soos volg geformuleer is: "*De enige naam ons gegee - Jesus Christus - komt in de Psalmen niet eenmaal voor?*"

Immers, in die hemellied van Op.15, kom die naam ook nie voor nie, alhoewel dit 'n lied is *van die Lam*. Ewemin vind 'n mens die naam in Op.5. Ons lees alleen van die *Leeu uit Juda* se stam, van die wortel van *Dawid*, van die *Lam*! Is hierdie lieder dan nou ook te oud-testamenties en te Joods, sodat die *Evangeliese* Gesange nou 'n onmisbare hulp moet aanbied?

Die Psalms en die Martelare

Dit moet egter duidelik gesien word dat die hele redenering van die Vereeniging uitgaan van die veronderstelling dat daar deur die mens 'n liederbundel saamgestel kan word, wat God se eie liederbundel - die Psalms – oortref. En dit is immers onmoontlik. Die boek van die Psalms is onoortrefbaar, want dit is die werk van God se Heilige Gees.

Vandaar ook dat Christengelowiges van alle eeue en die martelare van alle nasies in hierdie heilige woorde uitdrukking gesoek het van hul doodsbekleming of hul wonderlike verruimde gemoed.²² Tereg kan prof. Wichelhaus sê: "*Geen boek der wereld is zoveel gelezen geworden en mel zoveel tranen van smart en vreugde benat.*" Die boek van RE

²² Daarom beveel die Skrif tereg: "Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom *psalmsing*." – Jak.5:13.

Prothero, *The Psalms in Human Life*, waarin hy aanwys hoe die Psalms alle eeue die troosboek by uitnemendheid was vir alle worstelende siele, is hierin baie leersaam. Wat hy meedeel aangaande ons Hugenote voorvaders, is ook baie leersaam; hoe hul geleef en gely het met die Psalmboek en daarmee genoegsaam was. Ons gee 'n paar aanhalings uit hierdie boek, omdat ons as kinders van die Hugenote moet leer om ons Psalms te waardeer en dit nie te laat verdring deur latere ingevoerde en ongereformeerde lieder nie. Met de Psalmen, zegt Prothero o.a.,:

is saamgevlochten de geschiedenis van het Frans Protestantisme.... De vergadering van de verbannen en vervolgte Hugenoten werden samengeroepen door het zingen der Psalmen; in wouden en grotten, in kerkers, in ballingschap in Amerika, klonken de Psalmen nog van de lippen den stoere Protestanten. ... Om de Psalmen Davids te kunnen zingen verlieten mensen hun vaderland en zochten de afgelegen schuilplaatsen der aarde op. Francois Leguat en zes metgezellen zochten een tehuis op het eiland Rodriquez in de Indiese Oseaan, opdat zij zich daar ongehinderd mochten overgeven aan de vertroosting van Godes prijs te zingen. Het gezicht van deze zeven vluchtegingen, saamvergaderd om de Psalmen van David te zingen in een anders onbewoond eiland, is een wonderlijk beeld in de verbeelding opdoemend, en een bewijs voor de standhoudende kracht van de Hebreeuwse liederen.

Is dit nou nie vreemd, dat ons waarlik vrome vaders in hul bitterste lyding, genoeg gehad het in die Psalms nie, ja selfs uit hul land gevlug het net om dit in vryheid te kan sing nie; en dat ons, wat 'n gemaklike en 'n nie-vervolgte lewe lei, dadelik 'n behoefte aan Gesange het om ons gemoedere te streel? Is ons gemoeds- en godsdienslewe dan miskien soveel dieper en ryker as hulle s'n? Nee, ons vrees dat die teenoorgestelde waar is. Vandaar dat die Psalms nie meer in die smaak val nie en die meeste sogenaamde Gereformeerde Kerke liever vir die grootste gedeelte, Gesange sing.²³

Tussen hakies moet ons hier nog iets bysê. Om voormelde redes, sal mense wil weet 'wat ons moet doen oor die sang' in ons heidengemeentes. Die *Vereeniging* hoef nie ongerus te wees nie. Die

²³ Hier kan bygevoeg word dat, omdat ons nie meer die verbond van die Psalms ken nie, omdat ons nie meer die Christus van die Psalms raaksien nie, daarom smag ons na gesange!